

# **S v Pistorius: Ope geregtigheidspleging, mediadekking van hofverrigtinge en die olifant in die kamer**

**Deon Erasmus**

---

Deon Erasmus,  
Departement Straf- en Prosesreg, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit

---

## ***Opsomming***

Die verhoor van Oscar Pistorius vir die moord van sy vriendin, Reeva Steenkamp, is die eerste strafverhoor wat regstreeks op televisie in Suid-Afrika uitgesaai is. Die saak het ongekende mediabelangstelling geniet en is as die nuusmaker van die jaar 2014 aangewys.

Tydens die aansoek om toestemming om die verhoor in die geheel regstreeks uit te saai, het die media gesteun op die reg op vryheid van uitdrukking, soos vervat in artikel 16 van die Grondwet, waarby inbegrepe is die vryheid van die pers en ander media. Die beskuldigde se regsplan het egter aangevoer dat die voorgestelde mediadekking inbreuk sal maak op die beskuldigde se reg op 'n billike verhoor, soos verskans in artikel 35(3) van die Grondwet.

Die hof bevind dat daar 'n duidelike botsing tussen die reg op vryheid van uitdrukking en die reg op 'n billike verhoor bestaan en beslis dat wanneer 'n hof die botsende belange teen mekaar opweeg, daar verseker moet word dat die belang van geregtigheid tydens hierdie proses gehandhaaf word.

In hierdie bydrae word argumente ten gunste van, asook dié teen, mediadekking van hofverrigtinge bespreek met verwysing na die belangrikste rolspelers: die media, die regbank en regslui, asook die partye betrokke by die gedingvoering. Daar word ook 'n regsvergelyste uiteensetting ten opsigte van mediadekking van hofverrigtinge in die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State van Amerika, Kanada, Australië en Nieu-Seeland verskaf.

Die gevolgtrekking is dat verantwoordelike mediadekking van verhore wel die beginsel van openbare geregtigheidspleging onderskraag, die algemene publiek aangaande regsprosesse opvoed, en tot sosiale kommentaar aangaande die regsplegingsproses lei.

Daar word aanbeveel dat 'n spesiaal toegewyde openbare televisiekanaal hoëprofielverhore op aansoek van belanghebbende partye moet uitsaai. In hierdie verband behoort die prosedure wat tans in Nieu-Seeland ten opsigte van die uitsaai van verhore aangewend word, in Suid-Afrika nagevolg te word.

**Trefwoorde:** akkusatoriese stelsel; mediadekking van hofverrigtinge; ope geregigheidspleging; reg op billike verhoor; reg op vryheid van uitdrukking; *S v Pistorius*; vryheid van die pers

### *Abstract*

#### ***S v Pistorius: Open justice, media coverage of court proceedings and the elephant in the room***

The murder trial of the world-famous paralympic athlete and icon Oscar Pistorius, in connection with the killing of his girlfriend, the model Reeva Steenkamp, was the first criminal trial to be televised live in South Africa. This case generated unprecedented media coverage and was declared the newsmaker of the year for 2014.

Pistorius was charged with murder, read with the provisions of section 51(1) of the Criminal Law Amendment Act 105 of 1977, as well as three counts of contravening sections of the Firearms Control Act 60 of 2000. On 12 September 2014 Masipa J acquitted Pistorius of murder, but convicted him of culpable homicide for the killing of Steenkamp. In addition, he was convicted on one count in terms of the Firearms Control Act. On the conviction of culpable homicide he was sentenced to five years' imprisonment in terms of section 276(1)(i) of the Criminal Procedure Act 51 of 1997, and on the firearms-related conviction he was sentenced to three years' imprisonment, wholly suspended for five years. The court ordered that the sentences be served concurrently.

The state applied for leave to appeal against both the conviction on culpable homicide and the sentence imposed in respect thereof. On 10 December 2014 Masipa J granted leave to appeal only against the conviction on culpable homicide.

Pistorius was released from prison on 19 October 2015 and placed under house arrest. The appeal hearing in the supreme court of appeal was heard on 3 November 2015 and judgment was reserved. On 3 December 2015 the court ruled in favour of the state and the conviction on culpable homicide was set aside and replaced with a conviction of murder. The case was remitted to the trial court for consideration and imposition of a fresh sentence. Pistorius lodged an application for leave to appeal to the constitutional court on 11 January 2016 but this application was refused on 3 March 2016.

Pre-sentence proceedings took place before Masipa J from 13 to 15 June 2016. The state argued that the prescribed minimum sentence of 15 years' imprisonment should be imposed. Pistorius was, however, sentenced to six years' imprisonment. On 26 August 2016 the state brought an application for leave to appeal against this sentence on the basis that it was shockingly inappropriate, which application was dismissed with costs. The state subsequently

petitioned the supreme court of appeal for leave to appeal, but the outcome of the petition is still pending.

This contribution will not focus on the legal question of whether Pistorius acted intentionally or negligently when he shot and killed Reeva Steenkamp. The focus will be placed on the impact the live televising of the proceedings, in both the trial court and the court of appeal, had on the trial of the accused and the criminal justice system in general.

The trial was preceded by an application launched by the electronic and printed media in *MultiChoice (Proprietary) Limited v National Prosecuting Authority* 2014 1 SACR 589 (GP), where permission was sought to cover the entire trial of Pistorius via radio and television broadcasts as well as through photographs in the printed media. The judgment highlighted the interaction between the proper functioning of the criminal justice system and the zealotry of the media to cover court proceedings. Different, apparently conflicting constitutional rights, such as the right to a fair trial on the one hand and the right to freedom of expression and the principle of open justice on the other hand, became relevant during this inquiry.

The applicants argued that both Pistorius and the deceased were local and international icons, which generated immense public interest both locally and internationally. They highlighted that the bail proceedings had been chaotic, as there had been insufficient space for reporters and members of the public. Permission was sought to install television and still cameras in court to cover the trial in the media. This application was originally opposed by both the director of public prosecutions and Pistorius on the ground that it might impact on the fairness of the trial. After discussions, the director of public prosecutions withdrew his objection, but Pistorius objected against broadcasting of the trial by any means.

In its judgment, the court set out the historical approach to applications by the media to cover judicial proceedings by analysing prior applications. In addition, the court referred to *SA Broadcasting Corporation Ltd v Thatcher* [2005] 4 All SA 353 (C) where a comparative legal overview of the coverage of court proceedings in the United Kingdom, the United States of America, Canada, Australia and New Zealand was undertaken.

The court found that there was a direct conflict in this matter between the right of the accused to a fair trial and the right to freedom of expression, which includes the right to freedom of the press. In an attempt to balance these conflicting rights, the court should attempt to uphold the interests of justice. In terms of section 173 of the Constitution, the court has the power to regulate its own procedure and processes, taking into account the interests of justice. This balancing process should not have the result that one right will be watered down against the other. The values of openness and accountability underlie our constitutional democracy. Allowing media coverage, while still protecting the right to a fair trial, would make the justice system more accessible to the public at large and dispel negative and unwarranted criticism against the system. The court accordingly allowed the setting up of broadcasting equipment and determined which portions of the trial could be transmitted live as well as what could be filmed.

This contribution further affords an updated comparative legal overview of the five jurisdictions discussed in the *SA Broadcasting Corporation Ltd v Thatcher*. The in-court media cover guidelines applicable in New Zealand are set out and discussed in detail. It is commented that these guidelines are comprehensive and well structured. It creates a practical

framework to guide presiding officers when exercising their judicial discretion to allow or refuse media coverage.

The main arguments in favour of and against media coverage are then evaluated. These arguments are based on the interest and role of the various role players concerned with court proceedings as well as the underlying constitutional rights the role players rely on.

The media argue that they have the duty to provide members of the public with information, which in turn will educate members of the public about the judicial process and promote the principle of open justice. Section 16 of the Constitution supports this view.

Caution is expressed that the media often sensationalise high-profile cases and in that sense do not act as mere agents of the public reporting objective facts. Advocacy journalism affords the opportunity for journalists to resort to subjective reporting. What a television viewer sees is not what happened in court, as the final production is often influenced by the prejudices and ideological or political views of the producer.

The judiciary especially is critical of the media coverage of court proceedings, as it is feared that the dignity of court proceedings as well as the competency of courts to regulate their own proceedings may be impacted on. It is pointed out that these arguments do not have much merit today, as digital broadcasting equipment is totally unobtrusive and operates almost unnoticeably.

The parties to court proceedings are very important role players and the infringement there may be on the fairness of trials by media coverage is real, as it may have a negative impact on the parties, witnesses and the quality of evidence. The mere presence of television cameras may cause witnesses to be intimidated and become reluctant to testify. A real danger exists that witnesses may be influenced in their testimony and even adapt their evidence if they are able to follow the evidence of witnesses testifying before them. This, in fact, took place in the Pistorius trial when witness Darren Fresco admitted that he knew before testifying which issues would be canvassed with him as he watched the broadcasted evidence of witnesses who testified before him.

It is concluded that section 16 of the Constitution, which guarantees freedom of the press as well as the right to receive and share information, is in direct conflict with the right of an accused to a fair trial. This perceived conflict is created mostly by the insatiable craving of the public for real courtroom dramas and the pursuit of profit by media houses.

The negative effects of media sensationalism and irresponsible journalism can be prevented if other means are employed to give the public at large access to court proceedings, such as webcams being installed in courtrooms. In view of the fact that only 52% of South Africans have access to the internet and that the cost of streaming an entire trial is expensive for the end user, this mechanism seems impractical.

As 78% of South Africans have access to public radio and television broadcasts, it is recommended that a specially dedicated public television channel, akin to the current parliamentary channel, be utilised to cover high-profile cases. To eliminate the danger that the public broadcaster might be unwilling to broadcast high-profile cases involving politicians for example, it is suggested that any interested party, even members of the public,

may apply to the presiding officer to have the trial covered on the dedicated public channel. It is suggested that the New Zealand application procedure be adopted and applied locally in this regard.

The problem of influencing witnesses may be addressed by introducing a lag period between the actual testimony of the witness and the broadcasting thereof. This will, however, affect the live character of the transmission. It will not be feasible to sequester witnesses as is done with jury members in high-profile cases in the United States of America.

Live media coverage of the Pistorius trial indeed afforded the first opportunity for ordinary members of the public to observe the operation of the South African justice system first-hand without attending court. The coverage furthermore supported and enforced the principle of open justice.

**Keywords:** accusatorial system; freedom of the press; media coverage of court proceedings; open justice; right to fair trial; right to freedom of expression; *S v Pistorius*

## 1. Inleiding

In die vroeë oggendure van 14 Februarie 2013 het die wêreldberoemde Paralimpiese atleet en ikoon Oscar Pistorius sy vriendin, die model Reeva Steenkamp, in sy luukse woning in die Silverwoods-landgoed oos van Pretoria doodgeskiet. Pistorius het daarna in die Noord-Gautengse hooggeregshof tereg gestaan op 'n aanklag van moord, gelees met die bepalinge van artikel 51(1) van die Strafbeg Wysigingswet 105 van 1997, asook op drie aanklagte ingevolge die Wet op Vuurwapenbeheer 60 van 2000.<sup>1</sup> Hy is op 12 September 2014 deur regter Masipa onskuldig bevind aan moord, maar skuldig bevind aan strafbare manslag. Hy is ook skuldig bevind op een aanklag ingevolge die Wet op Beheer van Vuurwapens.<sup>2</sup> Op 21 Oktober 2014 is hy gevonnissen tot vyf jaar gevangenisstraf ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafbegwet 51 van 1977 op die aanklag van strafbare manslag en tot drie jaar gevangenisstraf, in die geheel opgeskort vir vyf jaar, op die aanklag van die oortreding van die Wet op Beheer van Vuurwapens. Die hof het gelas dat die twee vonnisse gelyktydig uitgedien sal word.<sup>3</sup>

Die staat het daarna 'n aansoek om verlof tot appèl teen die skuldigbevinding aan strafbare manslag en die vonnis daarvoor gebring. Hierdie aansoek is deur die verdediging teengestaan. Op 10 Desember 2014 het regter Masipa verlof tot appèl slegs teen die skuldigbevinding en nie die vonnis nie toegestaan.

Pistorius is intussen op 19 Oktober 2015 uit die gevangenis vrygelaat en onder huisarres geplaas. Die hoogste hof van appèl het die appèlaansoek van die staat op 3 November 2015 aangehoor en uitspraak voorbehou. Op 3 Desember 2015 slaag die staat se appèlaansoek en word Pistorius se skuldigbevinding aan strafbare manslag ter syde gestel en vervang deur 'n skuldigbevinding aan moord.<sup>4</sup> Die saak is daarna terugverwys na die verhoorhof om opnuut vonnis te oorweeg en 'n gepaste vonnis op te lê. Pistorius se borg van R10 000 is verleng en 'n voorlopige datum vir die vonnisprosedure is vir 18 April 2016 bepaal. Op 11 Januarie 2016 het Pistorius 'n aansoek om verlof tot appèl tot die konstitusionele hof gerig, maar op 3 Maart 2016 is die aansoek van die hand gewys.

Vanaf 13 tot 15 Junie 2015 het voorvonnisverrigtinge weer eens voor regter Masipa plaasgevind. Die staat het versoek dat die minimum vonnis van 15 jaar opgelê word. Pistorius is egter op 6 Julie 2016 tot ses jaar gevangenisstraf gevonniss.<sup>5</sup> Die staat het op 26 Augustus 2016 aansoek gedoen om te appelleer teen die vonnis en dit as “skokkend ontoepaslik” beskryf. Hierdie aansoek is egter met koste deur regter Masipa van die hand gewys. Die staat het daarna ’n petisie om verlof tot appèl by die hoogste hof van appèl ingedien, en die uitslag hiervan is steeds hangende.

In die uitspraak van die hoogste hof van appèl verklaar appèlregter Leach dat die feite van hierdie saak met ’n menslike tragedie in die styl van Shakespeare vergelyk kan word. Die beskuldigde het sy enorme fisieke gestremdheid oorkom en ’n internasionale Olimpiese atleet en ikoon geword. Hy ontmoet ’n jong vrou wat nie slegs natuurlike skoonheid besit het nie, maar ook ’n suksesvolle model was. Hulle raak verlief, maar dan, ironies genoeg, word die sprokie vernietig wanneer hy haar lewe op Valentynsdag neem. Die regspraak voor die hof is gevolglik of die beskuldigde hom skuldig gemaak het aan die opsetlike of nalatige neem van ’n mens se lewe en gevolglik aan moord of strafbare manslag skuldig bevind moes gewees het.<sup>6</sup>

Hierdie bydrae beoog nie om die bovermelde regspraak te bespreek nie, maar eerder om te fokus op ’n ander onderliggende, dog uiters belangrike aspek van die verhoor van die beskuldigde, naamlik die feit dat die verhoor in sowel die hooggeregshof as die hoogste hof van appèl regstreeks op televisie uitgesaai was. Appèlregter Leach verklaar dat die verhoor ongekende openbare belangstelling ontlok het en dat hierdie saak die eerste saak in Suid-Afrika was waar die hofverrigtinge in sowel die verhoorhof as die appèlhof regstreeks op televisie uitgesaai is.<sup>7</sup>

Die regstreekse beeldsending van die saak was die gevolg van ’n hofaansoek wat die verhoor voorafgegaan het. In *MultiChoice (Proprietary) Limited v National Prosecuting Authority*<sup>8</sup> het die elektroniese en gedrukte media aansoek gedoen om toestemming om mediadekking van die verhoor in geheel deur middel van radio, televisie en foto’s. In hierdie uitspraak het die wisselwerking tussen die behoorlike funksionering van die strafregstelsel en die ywer van die media om oor die strafregstelsel verslag te doen na vore gekom. Verskeie oënskyklik botsende grondwetlike regte, soos die reg op ’n billike verhoor aan die een kant en die reg op vryheid van spraak en ope geregtigheidspleging aan die ander kant, is hier van belang.<sup>9</sup>

In hierdie bydrae sal die beginsel van ope geregtigheidspleging asook die reg van die beskuldigde op ’n billike verhoor bespreek word, met spesifieke verwysing na die mediadekking van hofprosedures. Daar sal ook besin word wat die invloed van die beeldsending van die Pistorius-saak vir die akkusatoriese Suid-Afrikaanse regstelsel inhou.

## 2. Die media se hofaansoek om regstreekse uitsaairegte

Die elektroniese media het ’n mosie-aansoek geloods om toestemming te verkry om die verhoor in die geheel deur middel van oudiovisuele en/of klankuitsending uit te saai. Sowel die direkteur van openbare vervolging as Pistorius het die aansoek aanvanklik teengestaan.<sup>10</sup> Die gedrukte media het toestemming gevra om kameras in die hofsaal te installeer ten einde stilfoto’s van die verrigtinge te neem. Hierdie aansoek is deur Pistorius teengestaan.

Samesprekings tussen die verskillende partye het plaasgevind ten einde 'n moontlike skikking te bewerkstellig. Die direkteur van openbare vervolging het sy beswaar teen die aansoek teruggetrek, maar Pistorius het die voorgestelde uitsaai van die verhoor in enige vorm teengestaan.<sup>11</sup>

Die applikante se aansoek was gegrond op die feit dat beide Pistorius en die oorledene plaaslike en internasionale ikone was en dat die verhoor die verbeelding van sowel die Suid-Afrikaanse as die internasionale gemeenskap aangegryp het. Deur die verhoor uit te saai sou hierdie ongekende belangstelling en openbare belang in die verrigtinge bevredig word.<sup>12</sup>

Tweedens het die aansoek berus op die feit dat die verrigtinge tydens Pistorius se borgaansoek chaoties was, aangesien 'n gewone hofsaal nie al die verslaggewers en lede van die publiek wat die verrigtinge wou bywoon, kon akkommodeer nie. Beide plaaslike en buitelandse verslaggewers het die borgverrigtinge in groot getalle bygewoon om daarvoor verslag te doen.<sup>13</sup>

Die eerste regsgrondslag waarop die aansoek berus het, was die reg op vryheid van uitdrukking, soos vervat in artikel 16 van die Grondwet, waarby inbegrepe is die vryheid van die pers en ander media, asook die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra.<sup>14</sup> In die *MultiChoice*-gewysde word na 'n hele aantal relevante uitsprake verwys:

#### **(1) *South African National Defence Union v Minister of Defence***<sup>15</sup>

In hierdie uitspraak van die konstitusionele hof word beklemtoon dat die reg van individue in ons samelewing om hul opinies en uitgangspunte vrylik te vorm, uit te spreek en aan te hoor deur die Grondwet erken word. In hierdie verband het die uitsaaiwese, insluitend die gedrukte en elektroniese media, 'n besondere rol om die reg op vryheid van uitdrukking te beskerm.<sup>16</sup> Die Grondwet beperk nie die reg op vryheid van uitdrukking slegs tot die gedrukte media nie, maar brei hierdie reg juis uit tot ander mediavorme, soos die televisie en radio.

#### **(2) *Dotcom Trading 121 PTY Limited v King***<sup>17</sup>

Die applikant het aansoek gedoen om die verrigtinge van die King-kommissie na beweerde wedstrydknoeiery in Suid-Afrikaanse krieket regstreeks per radio uit te saai. Die verrigtinge voor dié kommissie het plaasgevind ingevolge die bepalings van die Kommissiewet 8 van 1947 en die verrigtinge was gevolglik nie hofverrigtinge nie. By die aanvang van die kommissie se sitting het die voorsitter bepaal dat regstreekse televisie- en radio-uitsendings van die verrigtinge nie toegelaat sou word nie. Ingevolge artikel 4 van die Kommissiewet het die voorsitter van 'n kommissie 'n diskresie om sekere persone of 'n klas persone van die verrigtinge uit te sluit indien hul teenwoordigheid nie nodig of wenslik vir die verloop van die kommissie sou wees nie.<sup>18</sup> Die voorsitter het nie slegs besluit dat die elektroniese media en hul toerusting nie nodig was vir die gladde verloop van die kommissie se werksaamhede nie, maar verder gegaan en bevind dat hul teenwoordigheid nie wenslik sou wees nie. Hierdie besluit was gegrond op die feit dat die oogmerk van die kommissie was om die waarheid te bepaal, welke bepaling grootliks op die mondelinge getuienis van getuies berus het. Volgens die voorsitter is 'n getuievriendelike atmosfeer nodig om getuies aan te moedig om met die waarheid vorendag te kom. Die teenwoordigheid van die elektroniese media sou na sy mening nie sodanige getuievriendelike atmosfeer bevorder het nie. Die volledige rekord van

die kommissie se verrigtinge was in elk geval beskikbaar en die media kon dit gebruik om die publiek aangaande die werksaamhede van die kommissie in te lig.<sup>19</sup>

Die applikant het aangevoer dat die algehele verbod op radio-uitsendings van die werksaamhede van die kommissie 'n inbreukmaking op die grondwetlike reg van persvryheid, asook die reg van die publiek om inligting te ontvang, soos verskans in artikel 16(1)(a) en (b) van die Grondwet, daargestel het. Die feit dat die voorsitter hierdie grondwetlike inbreukmaking nie in ag geneem het nie, het die gevolg gehad dat die voorsitter sy diskresie nie op 'n behoorlike manier uitgeoefen het nie.<sup>20</sup>

Die hof meld dat die werksaamhede van die kommissie wye nasionale en internasionale belangstelling geniet het en dat die radio vir baie lede van die publiek hul enigste medium tot toegang rakende inligting oor die werksaamhede van die kommissie daarstel.<sup>21</sup> Die hof is verder ook nie oortuig dat 'n algehele verbod op die uitsaai van die verrigtinge die belange van die getuies sou bevoordeel nie.<sup>22</sup> Die inperking van die regte soos vervat in artikel 16 van die Grondwet kon gevolglik nie ingevolge die bepaling van artikel 36 van die Grondwet geregverdig word nie. Die hof beslis gevolglik dat die algehele verbod op die teenwoordigheid van radio-uitsaaitoerusting en die radio-uitsending van die kommissie se werksaamhede 'n onregverdigbare inbreukmaking op die applikant se grondwetlike regte was en gevolglik ongeldig is – die applikante sal dus toegelaat sal word om die kommissie se werksaamhede regstreeks per radio uit te saai.<sup>23</sup>

### **(3) SA Broadcasting Corporation Ltd v Thatcher.**<sup>24</sup>

Hier het die applikant 'n aansoek gebring om 'n strafverhoor regstreeks op televisie uit te saai. Die applikant het onderneem om alle uitsaaitoerusting op te stel onderworpe aan enige voorwaardes wat die hof sou mag oplaê, asook enige gedragskodes of toepaslike wetlike voorskrifte. Die rede vir die aansoek om die verrigtinge uit te saai, was die nasionale en internasionale belangstelling in die saak. Die applikant het verder aangevoer dat die uitsending van die verhoor die publiek insae in die funksionering van die regsproses sou gee en openbare vertroue en respek vir die regstelsel sou kweek.<sup>25</sup> Deur regstreekse uitsending van die verhoor kan die publiek hul reg om inligting te ontvang uitoefen deur gebruik te maak van die medium van hul keuse.<sup>26</sup> Indien die verhoor regstreeks op televisie uitgesaai word, sal die beginsel van ope geregtigheid en deursigtigheid versterk word, aangesien slegs 'n beperkte getal lede van die publiek die verhoor self sou kon bywoon.<sup>27</sup>

Die applikant het ook aangevoer dat die verrigtinge van die parlement in Suid-Afrika regstreeks op 'n spesiale toegewyde kanaal uitgesaai word en dat hierdie uitsendings die deursigtigheid van die parlementêre werksaamhede bevorder.<sup>28</sup>

Die hof verwys na *S v Mamabolo*<sup>29</sup> waar regter Kriegler aangedui het dat die beslegting van geskille in uiteenlopende kulture sedert die vroegste tye nie slegs die partye tot die geskil aangaan nie, maar as 'n openbare aangeleentheid beskou is ten einde die geloofwaardigheid van die betrokke beslegtingsproses te verseker. Die beginsel van ope geregtigheidspleging verseker dat die publiek ingelig word aangaande die regspleging, wat op sy beurt weer daartoe lei dat lede van die publiek die werksaamhede van die hof kan bespreek, kritiseer en goedkeur of afkeur. Vrye, opregte en ingeligte openbare debat aangaande die regsproses verseker dat die maatstawwe wat die Grondwet vir die regbank daarstel, naamlik



onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid, toeganklikheid en doeltreffendheid, 'n werklikheid sal word.<sup>30</sup>

Die hof wys daarop dat die feit dat hofverrigtinge in 'n ope hof plaasvind, nie regverdiging daarstel om regstreekse televisie-uitsendings daarvan te verbied nie, aangesien toegang tot die verrigtinge vir die publiek en media weens logistieke redes beperk word. 'n Televisie-uitsending sal inderdaad verseker dat uitgebreide plaaslike en oorsese toegang tot hofverrigtinge kan plaasvind.<sup>31</sup> Nietemin was die hof nie bereid om die applikant die reg te gee om die verhoor regstreeks uit te saai nie, maar slegs bereid om die applikant 'n beperkte reg te gee om gedeeltes, in die vorm van daaglikse hoogtepunte van die verrigtinge, uit te saai.<sup>32</sup>

#### **(4) *South African Broadcasting Corporation Limited v Downer.***<sup>33</sup>

Die applikant het by die hoogste hof van appèl aansoek gedoen om toestemming om die regstreekse televisie- en klankuitsending van twee appèlle voortspuitend uit die vervolging van Shabir Shaik. Die applikant het aangevoer dat daar intense openbare belangstelling in die verrigtinge is en deur die verrigtinge regstreeks uit te saai, die applikant sy wetlike verpligting om die publiek in te lig en op te voed, sou nakom. Die reg van die applikant om die verrigtinge te mag uitsaai, was insgelyks gegrond op die bepalings van artikel 16 van die Grondwet.<sup>34</sup>

Die respondente het aangevoer dat 'n regstreekse uitsending van die appèlverrigtinge hul reg op 'n billike verhoor sou benadeel, aangesien die wete (in die gemoed van die regters en regsverteenvoerders) dat die verrigtinge deur miljoene kykers dopgehou word, 'n aanhoudende gemoedsteurnis sou veroorsaak.<sup>35</sup> Die eerste respondent het verder aangevoer dat twee van die aanklagte waaraan hy skuldig bevind was, later teen die voormalige visepresident Jacob Zuma<sup>36</sup> ingestel sal word. Aangesien 'n groot aantal van dieselfde getuies wat teen hom getuig het, teen Zuma sou getuig, is aangevoer dat die beeldsending van die verrigtinge die getuies of sou afskrik om te getuig of hul getuienislewering tydens die Zuma-verhoor sou beïnvloed.<sup>37</sup>

Indien aangeneem word dat die uitsaaitoerusting as sodanig nie die hofverrigtinge sou versteur nie, is die hof van mening dat die aangeleentheid 'n konflik van botsende grondwetlike regte inhou. Aan die een kant staan die applikant se reg op vryheid van uitdrukking en die reg om inligting oor te dra, asook die publiek se reg om inligting ingevolge artikel 16 van die Grondwet te ontvang. Aan die ander kant het die respondent die reg om die bewerings in die akte van beskuldiging te laat bereg by wyse van 'n billike openbare verhoor voor 'n hof, asook die reg op 'n billike verhoor ingevolge artikel 35(3) van die Grondwet. Die reg op 'n billike verhoor sluit die reg op appèlverrigtinge in.<sup>38</sup>

Aldus die hof is dit gepas om die twee kompeterende grondwetlike regte teen mekaar op te weeg ten einde na aanleiding van die besondere feite van elke saak te bepaal welke reg voorrang sal geniet.<sup>39</sup> Ingevolge artikel 173 van die Grondwet het die konstitusionele hof, die hoogste hof van appèl en die hooggeregshof elk die inherente bevoegdheid om, met inagneming van die belange van geregtigheid, hul eie proses te beskerm en te reël en die gemenerereg te ontwikkel.<sup>40</sup> Hierdie proses sluit die opweging van botsende regte in en die uitoefening van 'n diskresie rakende sodanige botsende regte. Die hof verklaar dat geen

algemene reël neergelê behoort te word waar die regte van die uitsaaier teen dié van die litigant opgeweeg word nie. Daar sal na die feite van elke saak gekyk moet word.<sup>41</sup>

Die hof beslis dat die uitsaaier op allerlei plekke kan soek vir nuus om uit te saai en nie tot die hofsaal beperk is nie. Daarteenoor is die strafverhoor en daaropvolgende appèlverrigtinge die begin en die einde vir die beskuldigde om sy reputasie en vryheid te behou. Die party wat oënskynlik sal moet terugstaan, is die uitsaaier. Gevolglik behoort die benadering te wees dat regstreekse of opgeneemde klankuitsendings nie toegelaat behoort te word nie, tensy die hof oortuig is dat die plaasvind van geregtigheid nie ingeboet sal word nie.<sup>42</sup> Die hof meld dat 'n televisiekamera tegnologie is wat by uitstek met die meeste akkuraatheid en impak hofverrigtinge aan die kyker sal oordra, vergeleke met die radio en beriggewing in die pers. Die wete dat hofverrigtinge regstreeks op televisie uitgesaai word, kan 'n stresvolle ervaring vir die rolspelers in die hofverrigtinge wees. Hierdie faktor behoort egter nie oorbeklemtoon te word nie, aldus die hof.<sup>43</sup>

Die hof verwys voorts na die besondere feite van die aansoek en toon aan dat daar intense openbare belangstelling in die saak heers. Die appèlverrigtinge is uiters belangrik vir beide die staat en die appellant en baie is op die spel vir beide partye. Hierdie intense openbare belangstelling sal 'n nog swaarder las op die regsvertegenwoordigers en die hof plaas. Die hof is van oordeel dat indien regstreekse beeldsending van die verrigtinge toegelaat word, dit moontlik die laaste strooi sal wees wat daartoe sal lei dat die respondente se regte op 'n billike verhoor<sup>44</sup> hom ontsê word.<sup>45</sup>

Die hof is verder van mening dat die regstreekse beeldsending van die appèlverrigtinge nadelige gevolge vir die vervolging van Zuma sal inhou, aangesien dit die geloofwaardigheid van die getuies kan benadeel en hulle onwillig kan maak om in hierdie verhoor te getuig.<sup>46</sup> Alhoewel Zuma se skuld of onskuld nie hier ter sprake is nie, kan die uitsending van die verrigtinge die openbare indruk wek dat sy lot reeds voor sy verhoor besleg is.<sup>47</sup>

Die hof wys gevolglik die aansoek van die hand, maar verloor nie uit die oog nie dat die opvoedingstaak van die applikant om die publiek aangaande appèlverrigtinge en ander werksaamhede van die howe deur middel van beeldsendings in te lig, lankal reeds geïmplementeer moes gewees het. Hierdie saak is volgens die hof egter nie die gepaste een om daarmee te begin nie.<sup>48</sup>

#### **(5) *South African Broadcasting Corporation Ltd v The National Director of Public Prosecutions.***<sup>49</sup>

Die meerderheidsuitspraak van die konstitusionele hof bevestig die beslissing van die hoogste hof van appèl in *Downer* en bevind dat daardie hof se beslissing juridies regverdigbaar is. Selfs al sou die konstitusionele hof tot 'n ander besluit gekom het, mag daar nie ingemeng word nie, aangesien daar nie 'n regsbasis was om in te meng met die uitoefening van die hoogste hof van appèl se diskresie om sy eie prosedures te reguleer en toe te sien dat hierdie prosedures nie inmeng met effektiewe regspleging nie.<sup>50</sup>

Om nou terug te keer na die uitspraak in die *MultiChoice*-gewysde. Regter-president Mlambo wys daarop dat wanneer die uitoefening van die media se reg op vryheid van uitdrukking oorweeg word, die oënskynlike “olifant in die kamer”, naamlik die beskuldigde se reg op 'n

billike verhoor, gekonfronteer moet word wanneer die opweging van botsende regte plaasvind.<sup>51</sup>

Pistorius het die aansoek om die regstreekse beeldsending by wyse van radio, televisie of stilfotografie teengestaan op grond van die feit dat dit inbreuk sal maak op sy reg op 'n billike verhoor. Aldus sy regsplan sou die blote kennis van die teenwoordigheid van oudiovisuele toerusting, veral kameras, homself en sy getuies inhibeer in hul getuienislewering. Daar is verder aangevoer dat dit sy regsvertegenwoordiger sou kniehalter tydens sy hantering van die verdedigingsaak. Die feit dat getuies die getuienis van ander getuies wat voor hulle getuig kon hoor en sien, sal getuies in staat stel om hul getuienis te fabriseer of aan te pas na aanleiding van hul voorafkennis van die verrigtinge. Verlaas genoemde beswaar sou 'n direkte uitwerking op die billikheid van die verhoor teweegbring.<sup>52</sup>

Met verwysing na *S v Dzukuda*<sup>53</sup> verklaar die hof dat elke beskuldigde wat op 'n aanklag in 'n hof tereg staan, die reg op 'n billike verhoor het, welke reg die grondwaardes van waardigheid, vryheid en gelykheid insluit. Dit is 'n omvattende reg wat gesetel is in die konsep van substantiewe billikheid. Sentraal tot die reg van 'n billike verhoor is die beginsel dat geregtigheid nie slegs moet geskied nie, maar gesien moet word dat dit geskied.

Die hof bevind voorts dat daar 'n duidelike botsing tussen die reg op vryheid van uitdrukking en die reg op 'n billike verhoor bestaan. Wanneer 'n hof gevolglik die botsende belange probeer opweeg, moet die hof verseker dat die belang van geregtigheid tydens hierdie proses gehandhaaf word. Kragtens artikel 173 van die Grondwet het die hof die bevoegdheid om sy eie proses te reguleer, met inagneming van die belange van geregtigheid.<sup>54</sup>

Gedurende die versoeningsproses behoort 'n hof daarteen te waak om nie een van die botsende regte vergeleke met die ander een heeltemal af te water nie.<sup>55</sup> Daar bestaan geen twyfel dat die beginsel van ope geregtigheidspleging uiters belangrik is nie en die werksaamhede van die regstelsel kan nie uit die openbare oog gehou word nie. Hofverrigtinge is in wese openbare verrigtinge en hierdie beginsel moet erkenning geniet.<sup>56</sup>

Die Grondwet word deur onder andere die waardes van openheid en verantwoordbaarheid onderskraag. So byvoorbeeld bepaal artikels 34 en 35(3)(c) van die Grondwet dat strafverhore in die openbaar moet plaasvind. Hierdie beginsel bevorder verantwoordbaarheid en die publiek se vermoë om die regsproses te verstaan.<sup>57</sup>

Die hof maan dat die besware van Pistorius teen direkte beeldsending nie ligtelik afgemaak kan word nie, aangesien die moontlikheid bestaan dat dit wel met die reg op 'n billike verhoor kan inmeng.<sup>58</sup> Die hof is egter ook gedagtig daaraan dat in ons betreklik jong demokrasie baie arm mense sukkel om toegang tot regspleging te bekom. Dit sal belangrik wees vir sulke lede van ons gemeenskap om eersterangse inligting aangaande die verhoor van 'n plaaslike internasionale ikoon te ontvang. Sodanige inligting kan die sienswyse teenwerk dat die rykes en beroemdes deur die regstelsel verskillend behandel word as die armes en weerloses. Om die hofverrigtinge vir 'n groter deel van die gemeenskap toeganklik te maak, sal meewerk om die negatiewe en ongegronde opvattinge aangaande ons regstelsel die nek in te slaan en ook die gemeenskap inlig en opvoed aangaande die werksaamhede van die strafregstelsel.<sup>59</sup>

Die hof waarsku egter dat die media nie hierdie geleentheid moet aanwend op so 'n wyse dat dit sal lei tot 'n verhoor deur die media nie, veral indien 'n toegewyde televisiekanaal gebruik sal word om op die verloop van die verhoor te fokus. Dit is uitsluitlik die plig van die verhoorhof om die getuienis te beoordeel en uitspraak in die aangeleentheid te lewer.<sup>60</sup>

Die hof staan gevolglik die volgende bevel toe:<sup>61</sup>

- Die applikante word toegelaat om uitsaaitoerusting in die hof op te stel om hulle in staat te stel om video- en klankuitsendings van toegelate dele van die verhoor uit te saai.
- Streng tegniese vereistes met betrekking tot die uitsaaitoerusting word neergelê ten einde die toerusting en die gebruik daarvan so onopvallend as moontlik te maak.
- Die verhoor kan in die geheel of by wyse van uittreksels regstreeks of onregstreeks in klankvorm opgeneem en uitgesaai word.
- Oudiovisuele opname en die regstreekse of onregstreekse uitsaai daarvan mag net van die volgende dele van die verhoor gedoen word: die openingsargumente van die staat en die beskuldigde; enige tussentydse aansoeke in die loop van die verhoor; getuienis van alle deskundige getuies, uitsluitende die getuienis van die beskuldigde en sy getuies; die getuienis van enige polisiebeampte of voormalige polisiebeampte wat in verband met die misdaadtoneel getuig; die getuienis van enige ander getuie, tensy so 'n getuie nie wil toestem tot die opname en uitsending van die getuienis nie en die verhoorregter beslis dat sodanige opname en uitsaai daarvan nie mag plaasvind nie; slotbetoë van die staat en die beskuldigde; uitspraak op die meriete, en indien nodig, uitspraak op die vonnis.
- Streng tegniese vereistes met betrekking tot fotografiese toerusting word neergelê ten einde die toerusting en die gebruik daarvan so onopvallend as moontlik te maak.
- Die oudiovisuele uitsending van die getuienis van 'n getuie is onderworpe aan die toestemming van sodanige getuie en redelike maatreëls om die gesig van die getuie regstreeks te beeldsend.

### 3. 'n Regsvergelykende oorsig van elektroniese mediadekking van hofverrigtinge

In die *Thatcher*-saak<sup>62</sup> verskaf die hof 'n regsvergelykende uiteensetting rakende die elektroniese-media-dekking van hofverrigtinge in vyf jurisdiksiegebiede. In hierdie paragraaf sal die huidige regsposisie aangaande die opneem en uitsaai van hofverrigtinge in elk van die jurisdiksiegebiede uiteengesit word.

#### 3.1 Die Verenigde Koninkryk

Ingevolge artikel 41(1) van die Criminal Justice Act van 1925 word 'n sambreel- verbod geplaas op die neem van foto's of die teken van 'n skets van enige persoon of party betrokke by enige siviele of strafsak. Sodanige foto of skets mag ook nie gepubliseer word nie. Daar is beslis dat hierdie verbod van toepassing is op die gebruik van kameras en televisietoerusting in enige hof hoegenaamd.<sup>63</sup>

Artikel 9(1) van die Contempt of Court Act van 1981 het die streng verbod op uitsaai van hofverrigtinge effens verslap deur te bepaal dat geen klankopname van hofverrigtinge

gemaak mag word nie, behalwe met verlof van die hof. Hierdie opnames mag egter slegs gebruik word vir die doel van die gedingvoering self deur die partye tot die geding, of vir die saamstel van koerantberigte van die verrigtinge of radio- en televisieverslae wat deur 'n verslaggewer of aanbieder uitgelees moet word.

In 1989 het die balieraad 'n verslag gepubliseer rakende die wenslikheid van beeldsendings van hofverrigtinge in Engeland en Wallis. Die verslag het aanbeveel dat beeldsending van hofverrigtinge op 'n eksperimentele basis ingestel behoort te word.<sup>64</sup> Die beeldsending van parlementêre werksaamhede vanaf 1989 het daartoe aanleiding gegee dat ook die verrigtinge van die regs komitee van die House of Lords gebeeldsend word.<sup>65</sup>

Tydens die verrigtinge van die Hutton kommissie van ondersoek in 2003 aangaande die dood van David Kelly, 'n wapeninspekteur van die Verenigde Nasies, het die media 'n aansoek, gebaseer op die beginsel van ope geregtigheidspleging, geloods om die verrigtinge in hulle geheel te beeldsend. Die applikante het verder gesteun op artikel 10 van die Europese menseregtekonvensie<sup>66</sup> wat in die regstelstel van die Verenigde Koninkryk deur die Human Rights Act van 1988 ingelyf is. Lord Hutton verwerp egter beide argumente en beslis dat die feit dat die ondersoek toeganklik moet wees, nie vereis dat dit gebeeldsend moet word nie. Hy is van mening dat 'n regstreekse beeldsending onnodige druk op getuies sal plaas. Hy regverdig ook sy weiering op die feit dat die Europese menseregtehof slegs beeldsending van die eerste paar minute van die partye se openingsbetoë en die uitspraak van die hof toelaat.<sup>67</sup>

Lord Hutton se uitspraak het grotendeels berus op die ongerapporteerde uitspraak van Dame Janet Smith in die Shipman kommissie van ondersoek, waarin sy toegelaat het dat die getuienislewering van sommige getuies gebeeldsend mag word, naamlik dié van professioneel gekwalifiseerde getuies, staatsamptenare of getuies met spesifiek omskrewe openbare pligte. Met verwysing na artikel 10 van die Europese menseregtekonvensie beslis sy dat die media nie geregtig is op meer of minder inligting as waarop 'n lid van die publiek geregtig is nie. Die reg van 'n hof of kommissie om hul eie prosedure te reguleer, is 'n diskresionêre uitoefening wat in die regter of voorsitter van die kommissie setel.<sup>68</sup>

Ingevolge Skotse reg is daar geen statutêre verbod op die teenwoordigheid van televisiekameras in die howe nie, alhoewel klankopnames van hofverrigtinge deur artikel 8 van die Contempt of Court (Scotland) Act van 1981 verbied word. Die Skotse howe het 'n konserwatiewe benadering tot elektroniese-media-dekking gevolg en alle sodanige dekking tot 1992 verbied. In daardie jaar is die beeldsending van verrigtinge voor die Court of Session en die High Court of Justiciary, onderworpe aan streng voorskrifte, hoofsaaklik vir opvoedkundige en dokumentêre programme, ingevolge 'n praktyksnota van die regterpresident, toegelaat.<sup>69</sup>

In 2000 het die media weer eens aansoek gedoen om die verhoor van die vermeende bomplanters op Pan Am-vlug 103, wat oor die Skotse dorp Lockerbie neergestort het, te beeldsend in ooreenstemming met die riglyne van die regterpresident se praktyksnota.<sup>70</sup> Hierdie aansoek, gegrond op artikel 10 van die Europese menseregtekonvensie en die praktyksnota, is egter van die hand gewys, asook die daaropvolgende appèl teen die afwysing. 'n Aansoek om die appèl van Al Megrahi, wat skuldig bevind en gevonnissen is deur 'n Skotse hof wat in Nederland gesit het, te beeldsend, is egter toegestaan onderworpe aan sekere beperkings.<sup>71</sup>

Teen die einde van 2004 het 'n loodsprogram oor ses weke plaasgevind waartydens appèlverrigtinge opgeneem is, onderworpe aan voorafverkreë toestemming en die volg van 'n protokol met riglyne. In die volgende jaar het daar 'n "Broadcasting courts seminar" plaasgevind, waartydens die staatsekretaris vir grondwetlike aangeleenthede in sy voorwoord gemeld het dat die beginsel dat geregtigheid nie slegs moet plaasvind nie, maar gesien moet word dat dit plaasvind, die hele vraagstuk aangaande die howe en televisie opsom. Hy dui ook aan dat televisie die medium is wat die meeste mense die grootste toegang tot werksaamhede van die howe sal gee, maar ironies genoeg nie in die howe toegelaat word nie. Hy is van mening dat daar 'n goeie saak uitgemaak kan word om die huidige regsposisie te herbesin.<sup>72</sup>

In Maart 2016 het die minister van justisie 'n loodsprojek bekendgestel waartydens vonnisprosedures deur senior regters opgeneem sal word. Die opnames sal nie gebeeldsend word nie, maar is 'n stap in die regte rigting om die weg vir die eerste beeldsending van vonnisverrigtinge te baan. Volgens die minister sal so 'n stap meewerk om die beginsels van ope geregtighedspleging en deursigtigheid te onderskraag. Slegs die regter sal afgeneem word en die verbod op die beeldsending van enige ander deel van die verhoor bly staan.<sup>73</sup>

### **3.2 Die Verenigde State van Amerika**

In die VSA is die hofverrigtinge van 'n aantal hofsake gebeeldsend of per radio uitgesaai as gevolg van 'n oorweldigende nasionale en internasionale openbare belangstelling in hierdie verhore. Voorbeelde van sodanige sake sluit in die verhoor van OJ Simpson, wat van die moord op sy vrou en haar minnaar aangekla was,<sup>74</sup> en Bruno Hauptmann, wat van die ontvoering en moord van baba Lindbergh tereggestaan het.<sup>75</sup>

Hauptmann het teen sy skuldigbevinding appelleer en aangevoer dat hy die reg op 'n billike verhoor ontnem is, aangesien die hofsaal volgepak was met ongeveer 130 kameramense, verslaggewers en fotografe wat baklei het om 'n plek in die hofsaal te bekom. Sy appèl is van die hand gewys op grond van die feit dat die publiek geregtig was op verslaggewing van die hofverrigtinge.<sup>76</sup>

As gevolg van die vergrype deur die media tydens verslaggewing het die American Bar Association in 1937 'n algehele verbod op kameras in die hof aanbeveel. Die verbod was daarop gemik om die waardigheid van hofverrigtinge te herstel en in stand te hou.<sup>77</sup>

Hierdie verbod is in 1957 uitgebrei na televisiekameras en van toepassing op hofverrigtinge in alle federale howe gemaak.<sup>78</sup> Die verbod het egter nie in Oklahoma, Colorado en Texas gegeld nie.<sup>79</sup> Die verhoor op aanklagte van geldverduistering van 'n vooraanstaande sakeman en goeie vriend van die voormalige president Lyndon B Johnson, Bill Sol Estes, was breedvoerig en met sensasionalisme deur die media gedek.<sup>80</sup> In appèl is die skuldigbevinding deur die hooggeregshof ter syde gestel, aangesien die beskuldigde se reg op 'n billike verhoor geskend is deur die teenwoordigheid van die media, ondanks die feit dat hy nie kon bewys dat hy deur die mediadekking benadeel is nie.<sup>81</sup>

Metertyd is die algehele mediaverbod bevraagteken, en na volgehoue versoeke deur mediadrukroepe is die verbod gewysig en die elektroniese verslaggewing van hofverrigtinge toegelaat, maar slegs vir opvoedkundige doeleindes ingevolge streng riglyne van die voorsittende beampte.<sup>82</sup>

Sedert 1976 is hofverrigtinge in verskeie state op 'n eksperimentele basis gebeeldsend. In *Chandler v Florida*<sup>83</sup> is 'n aansoek om appèl in die Supreme Court gebring rakende die grondwetlikheid van die beeldsening van die verhoor van twee polisiebeamptes wat aan huisbraak en ander misdrywe skuldig bevind is. Hierdie verhoor het aansienlike mediabelangstelling ontlok. Die appellante het aangevoer dat hulle reg op 'n billike verhoor geskend is aangesien die jurie onbehoorlik deur die beeldsening beïnvloed was. Die hof bevind spesifiek dat die teenwoordigheid van televisiekameras nie inbreuk op die appellante se reg op 'n billike verhoor daargestel het nie. Hierdie beslissing het gevolglik die weg gebaan vir state om die beeldsening van verhore toe te laat.<sup>84</sup> Die meerderheid state het daarna die beeldsening van hofverrigtinge op 'n permanente of eksperimentele basis toegelaat, meestal ingevolge die riglyne soos bepaal deur die balievereniging se gedragsreëls van 1982.<sup>85</sup>

Noord-Carolina het in 1987 'n nuwe benadering rakende die teenwoordigheid van die elektroniese media in houe ingeslaan. Die Supreme Court het op 'n eksperimentele basis die beeldsening en stilfotografie van beide verhoor- en appèlverrigtinge sonder toestemming van partye toegelaat, onderworpe aan die onbepaalde diskresie van die voorsittende beampte.<sup>86</sup> Op 25 Junie 1990 is permanente reëls aanvaar ingevolge waarvan die verhoorregter sy diskresie behou het om die elektroniese media in die hof toe te laat, maar die media moet vooraf aansoek om mediadekking doen. Oor die algemeen is verhoor geweier in sake wat betrekking het op jeugdige, toesig en beheer oor kinders, aanneming, onderhoud, handelsgeheime en ander *in camera*-aangeleenthede.

Na die beeldsening van die OJ Simpson-verhoor in 1995 het die goewerneur van Kalifornië 'n beroep gedoen om die algehele verbod op beeldsening van verhore weer in te stel. 'n Taakspan is aangestel en 'n meningsopname is van verhoor- en appèlregters geneem. Ondanks 'n aantal negatiewe bevindinge het die taakspan aanbeveel dat toegang van kameras tot die houe moet voortduur. Die verfilming van die verkiesing van juriesede, konferensies tussen regsvertegenwoordigers en hofbywoners is egter nie toegelaat nie.<sup>87</sup>

In die staat New York is die beeldsening van hofverrigtinge in 1952 verbied.<sup>88</sup> In 1987 is die verbod verslap en 'n loodsprojek is vir 10 jaar ingestel ingevolge waarvan beide strafregtelike en siviele verrigtinge met voorafgeskrewe toestemming van die regter gebeeldsend kon word. Die komitee wat die loodsprojek moes evalueer, het ten spyte van besware deur die publiek aanbeveel dat kameras permanent in houe toegelaat moet word. Die loodsprogram is egter nie verleng nie.<sup>89</sup>

In 2001 het die New Yorkse balievereniging weer die kwessie rakende beeldsening van verhore geopper, maar die aangeleentheid is nog onder bespreking. Tans word die beeldsening van slegs appèlverrigtinge in dié staat toegelaat.<sup>90</sup>

Die staat New Jersey het in 2003 die beeldsening van hofverrigtinge toegelaat, onderworpe aan streng riglyne en onderworpe aan die diskresie van die verhoorregter, wat beeldsening kan opskort indien die teenwoordigheid van kameras met die hofverrigtinge inmeng. Die toestemming van die party tot die geding was egter nie nodig nie.<sup>91</sup>

Tydens die September 2010-sitting van die geregtelike konferensie van die VSA is 'n loodsprojek vir drie jaar ingestel om die uitwerking van kameras in distrikshoue, asook die verfilming en uitsaai van sodanige opnames, te bepaal. Die program was egter slegs op

siviele sake van toepassing. Skriftelike vooraf toestemming van die voorsittende beampte en die partye was nodig.<sup>92</sup>

Veertien howe het deelgeneem aan die loodsprojek wat van 18 Junie 2011 in werking was en op 18 Julie 2015 geëindig het. By die sitting van die geregtelike konferensie in Maart 2016 is besluit dat drie howe met die loodsprogram sou voortgaan ten einde verdere data te bekom.<sup>93</sup>

Oor die algemeen, met grade van verskil, laat al die federale state in die VSA kameras in hul howe toe. Vier-en-veertig uit die 50 state laat die beeldsending van beide verhoore en appèlverrigtinge toe, terwyl die oorblywende state beeldsendings tot appèlverrigtinge beperk.<sup>94</sup>

### 3.3 Kanada

In Kanada is daar nie veel bespreking aangaande die beeldsending van hofverrigtinge voor die vroeë tagtigerjare nie. In die staat Ontario is die beeldsending van hofverrigtinge in 1974 pertinent verbied, asook verrigtinge in die Supreme Court gedurende die periode 1981 tot 1993. In 1987 het die regshervormingskommissie aanbeveel dat elektroniese-media-dekking van appèlverrigtinge in strafsake toegelaat word.<sup>95</sup> Regter Zuber het ook in 'n hersieningsverslag van die hofstelsel in Ontario aanbeveel dat elektroniese media vir 'n proeftydperk van twee jaar toegelaat word.<sup>96</sup> 'n Soortgelyke besluit is terselfdertyd deur die Kanadese balieraad geneem.<sup>97</sup>

In *R v Squires*<sup>98</sup> is 'n verslaggewer van die Kanadese uitsaaikorporasie aangekla en skuldig bevind daaraan dat sy haar kameraman opdrag gegee het om 'n getuie wat die hof verlaat het, te verfilm nadat hy in 'n voorlopige ondersoek getuig het.<sup>99</sup> Die beskuldigde het aangevoer dat die verbod op die neem van foto's of beeldmateriaal van enige persoon wat hofverrigtinge binnegaan of verlaat, inbreuk maak op haar reg op vryheid van die pers of ander mediakommunikasie.<sup>100</sup> Hierdie argument is deur die verhoorhof van die hand gewys.

In 'n appèl na die Provincial Offences Appeal Court is beslis dat daar wel inbreuk op die reg op vryheid van die pers en mediakommunikasie was, maar dat hierdie inbreukmaking geregverdig is ingevolge die beperkingsklousule van die Canadian Charter of Rights and Freedoms.<sup>101</sup> Verlof tot 'n verdere appèl na die appèlhof van Ontario het ook om dieselfde redes misluk.<sup>102</sup>

In *New Brunswick Broadcasting Corporation Co v Nova Scotia (Speaker of the House of Assembly)*<sup>103</sup> het die geskilpunt gesetel in die vraag of die verbod op die gebruik van kameras deur die media in die provinsiale parlement in stryd is met artikel 2(b) van die handves van menseregte, ingevolge waarvan die reg op vryheid van uitdrukking, insluitend die vryheid van die pers, verskans is. Die minderheidsuitspraak van regter Cory is van belang, waar verklaar word dat televisie as 'n vorm van media 'n integrale deel van die pers uitmaak. Regter Cory wys daarop dat die media van verslaggewing oor die eeue deur 'n proses van evolusie verander het van gegraveerde kliptablette tot gebakte kleitablette en later papiirusrolle, inknepen, klankopnames en nou videokameras. 'n Videokamera skep inderdaad die mees akkurate medium van verslaggewing, aangesien dit alles in die geheel vasvang, soos die stemtoon en woordbeklemtoning van die spreker, asook handbewegings en gesigsuitdrukkings. Aldus die hof bied 'n videokamera die naasbeste plaasvervanger vir die fisiese teenwoordigheid van 'n belangstellende waarnemer.<sup>104</sup> Die hof is van oordeel dat daar



geen grondslag vir die uitsluiting van kameras by parlamentsverrigtinge is nie, solank die gebruik daarvan nie 'n ontwigting veroorsaak of opdringerig voorkom nie.<sup>105</sup>

In 1996 het die owerhede in Nova Scotia 'n loodsprojek vir twee jaar goedgekeur om verrigtinge van die appèlhof te verfilm, ingevolge spesifiek neergelegde riglyne.<sup>106</sup> In 1998 het die Supreme Court van Kanada 'n soortgelyke program vir die uitsaai van sekere uitgesoekte sake op die parlementêre kanaal aanvaar.<sup>107</sup>

Die algemene posisie in Kanada is egter dat die howe nie gewillig is om mediadekking van verhore toe te laat nie. In beide die federale en provinsiale howe word mediadekking gewoonlik nie toegelaat waar getuies getuienis lewer nie.<sup>108</sup>

### 3.4 Australië

Die beeldsending van hofverrigtinge al dan nie was in Australië nie altyd hoog op die sosiopolitieke agenda nie. Gedeeltes van 'n paar hofsake is gebeeldsend en in die hooggeregshof van Canberra is hofverrigtinge met behulp van geslotekringtelevisie vir die gebruik van verslaggewers gebeeldsend.<sup>109</sup>

Daar is geen statutêre verbod op die opneem of uitsaai van hofverrigtinge nie. Die toelating of weiering daarvan is 'n diskresionêre besluit van die voorsittende beampte kragtens 'n inherente bevoegdheid om die forum se verrigtinge te beheer en reguleer.<sup>110</sup>

Die regshervormingskommissie van Nieu-Suid-Wallis het in 1984 'n verslag aangaande die klankopname van regsprosesse vrygestel. Die kommissie het bevind dat die media ten gunste van 'n meer buigbare beleid ten opsigte van toegang tot regsprosesse is, maar dat regslui, in besonder die lede van die regbank, sodanige toegang teengestaan het.<sup>111</sup> Hierdie verslag het nie veel mediabelangstelling ontlok nie en 'n verdere verslag is vrygestel aangaande die oudiovisuele opname en uitsaai van hofprosedures, insluitend die gebruik van stilfotografie en sketse.<sup>112</sup>

Gedurende 1990 het die belangstelling in hierdie aangeleentheid weer opgevlam toe die onafhanklike kommissie teen korrupsie van Nieu-Suid-Wallis sittings gehou het aangaande die vraagstuk of openbare sittings van die kommissie gebeeldsend behoort te word. In 'n verslag wat daarop gevolg het, is aanbeveel dat die sittings nie gebeeldsend moet word nie, aangesien dit kan inbreuk maak op getuies se reg op 'n billike verhoor en verdere opvolgaksies van die kommissie kan benadeel.<sup>113</sup>

Die federale hof het in 1998 'n mediaregdeskundige, Daniel Stepniak, aangestel om saam te werk met 'n loodskomitee wat 'n verslag moes opstel aangaande die beeldsending van hofverrigtinge. Die komitee het 'n verslag vrygestel en daar is aanbeveel dat 'n loodsprogram ingestel moet word om werksaamhede van die federale hof deur middel van die elektroniese media te dek en daarna verdere aanbevelings te maak.<sup>114</sup> Geen noemenswaardige gevolge het egter uit die verslag voortgevloei nie, en die uitsaai van hofverrigtinge is op 'n saak-tot-saak-basis oorweeg.

In die staat Victoria het daar egter progressiewe ontwikkeling plaasgevind. Regters van die hooggeregshof van Victoria het in 1994 toegelaat dat regters in die hof verfilm mag word ten einde die media met beeldmateriaal te verskaf wat hulle later kon gebruik. Tussen 1994 en

1996 is televisiekameras in landdroshowe toegelaat en in een geval is 'n hele verhoor opgeneem en per radio uitgesaai.

Sedertdien is toestemming deur die hooggeregshof en distrikshowe van Victoria gegee om enkele hoëprofielsake uit te saai, soos 'n siviele aangeleentheid wat 'n Formule I-renjaer betrek het, asook 'n saak rakende die gebruik van verbode opkickers by 'n sokkerklub.<sup>115</sup> Sedert 2013 laai die hooggeregshof van Australië oudiovisuele opnames van volbankverhore 'n paar dae na die verhoor op die hof se webwerf.<sup>116</sup>

### 3.5 Nieu-Seeland

Voor 1995 is daar nie groot gewag gemaak aangaande die elektroniese verslaggewing van hofverrigtinge in Nieu-Seeland nie. Daar was geen wetlike verbod op beeldsending nie, maar weinig hofverrigtinge is gebeeldsend.<sup>117</sup>

Ingevolge artikel 198(2)(a) van die Strafproseswet<sup>118</sup> word 'n mediaverteenwoordiger omskryf as 'n persoon wat in die hof is vir die doel van verslaggewing van die verrigtinge, en wat onderworpe is aan of in diens is van 'n organisasie wat onderworpe is aan die etiese kode en klagteprosedures van die uitsaaistandaarde-owerheid of die persraad. Die omskrywing sluit ook in enige ander persoon wat met die toestemming van die hof aangaande die verrigtinge verslag doen.<sup>119</sup>

Kameras en die elektroniese opneem van hofverrigtinge word landswyd in alle howe en tribunale toegelaat, onderworpe aan riglyne wat deur die howe neergelê word.<sup>120</sup> Die belangrikste bepalinge van die riglyne kan soos volg saamgevat word:

- Hierdie riglyne is nie wetgewing nie, skep nie regte of verwagtinge nie en beïnvloed nie bestaande wetgewing nie.<sup>121</sup>
- Alle opnames van hofverrigtinge moet 'n akkurate, billike en gebalanseerde verslaggewing van die verrigtinge wees en mag nie buite konteks gebruik word nie.<sup>122</sup>
- Aansoeke om toestemming tot mediadekking van verrigtinge moet spoedig en billik afgehandel word en sover moontlik moet soortgelyke gevalle op dieselfde manier behandel word.<sup>123</sup>
- Tydens die uitoefening van hierdie regterlike diskresie om mediadekking toe te laat al dan nie, mag die hof die volgende faktore in ag neem: die reg op 'n billike verhoor, die wenslikheid van die beginsel van ope geregtigheidspleging, die feit dat die media 'n belangrike rol as die oë en ore van die algemene publiek vervul, die hof se verpligtinge teenoor slagoffers van misdaad en die belange en redelike besware en persepsies van die partye, slagoffers en getuies.<sup>124</sup>
- Behalwe met toestemming van die voorsittende beampte mag slegs lede van die media hofverrigtinge elektronies opneem of na buite die hofsaal uitsaai, en 'n naloopperiode van tien minute is van toepassing, behalwe in die geval van appèlverrigtinge, die gee van 'n jurie-uitspraak, vonnisverrigtinge of die voorsittende beampte se uitspraak.<sup>125</sup>
- 'n Aansoek om mediadekking moet op 'n voorgeskrewe vorm, minstens tien werksdae voor die begin van die verhoor, ingedien word en aan die voorsittende beampte voorgelê word vir oorweging, tensy die verrigtinge die eerste verskyning van 'n beskuldigde in 'n strafverhoor is, in welke geval vyf werksdae voldoende is. In die

geval van seksuele misdrywe moet die aansoek ook aan die slagoffer voorgelê word om sy of haar mening aangaande die aansoek te bekom.<sup>126</sup>

- Binne drie werksdae mag enige regsverteenwoordiger of party wat die aansoek ontvang het, die applikant kennis gee of die aansoek op 'n onbestrede basis mag voortgaan, of indien daar beswaar gemaak gaan word, wat die redes vir die beswaar is. In die geval van seksuele misdrywe moet die staatsaanklaer die griffier inlig aangaande die slagoffer se opinie. Voorsiening word ook gemaak vir 'n voorverhoorvergadering tussen die voorsittende beampte, regsverteenwoordigers en die media in die geval van hoëprofielsake.<sup>127</sup>
- Die regter mag die aansoek op die stukke toestaan of van die hand wys, maar ook waar toepaslik die aansoek vir verhoor verwys, waar die partye persoonlik of deur middel van regsverteenwoordigers kan verskyn. Die regter kan dan, met inagneming van die beginsels in paragraaf 2 uiteengesit, die mediastatus van die applikant of sy werkgever, die aard van die verhoor en ander relevante faktore, die aansoek om die verrigtinge te verfilm, af te neem of op te neem toestaan ingevolge die standaardvoorwaardes of ander voorwaardes, of dit van die hand wys.<sup>128</sup>
- Die riglyne maak verder voorsiening vir uitgebreide getuiebeskerming teen die verfilming, fotografering of opname van die getuie se getuienis op sy of haar versoek, veral in strafsake. Die verfilming of opnames moet sodanig wees dat die getuie nie herkenbaar is nie en foto's mag nie tydens getuienislewering geneem word nie.<sup>129</sup>
- Voorsiening word ook gemaak vir addisionele beskermingsmaatreëls van getuies in strafsake, wat op aansoek van 'n getuie of party twee werksdae voor die verhoor gebring mag word. In sodanige aansoek moet die voorsittende beampte die algemene riglyne tesame met die volgende faktore in ag neem: of mediadekking die gehalte van die getuienis nadelig sal beïnvloed; of mediadekking die getuie sal noop om te weier om te getuig; of dit ongehoorde stres of angs by die getuie sal inboesem; of mediadekking sal lei tot intimidasie of teistering van die getuie; en deur die opweging van die privaatheid van die getuie en die publiek se reg op inligting, gesien in die lig van die wesenlikheid van die getuienis en enige ander relevante faktore.<sup>130</sup>
- Na die oorweging van die pasvermelde faktore mag die voorsittende beampte bepaal dat 'n getuie, terwyl sy of haar getuienis gelewer word, of selfs tot aan die einde van die verhoor, nie verfilm, afgeneem of 'n klankopname van die getuienislewering gemaak mag word nie; indien sodanige opnames wel gemaak word, mag opnames nie die identiteit van die getuie openbaar nie.<sup>131</sup>
- Geen persoon onder die ouderdom van 18 jaar mag verfilm, afgeneem of 'n klankopname van sy of haar getuienislewering gemaak word nie, behalwe indien die voorsittende beampte so gelas met inagneming van die invloed van die publisiteit op die jeugdige se huidige en toekomstige welsyn.<sup>132</sup>
- Korrektiewe en sekuriteitsbeamptes, uitgesonderd amptenare van die departement van justisie, mag aansoek doen om nie mediadekking te ondergaan nie.<sup>133</sup>
- Die voorsittende beampte is verder by magte om te eniger tyd tydens die verhoor die toelating van mediadekking terug te trek indien die voorwaardes waaronder dit toegestaan is, nie nagekom word nie, indien 'n getuie of party aan onredelike mediadruk buite die hofsaal onderwerp word, indien die voorsittende beampte van mening is dat die beskuldigde se reg op 'n billike verhoor benadeel kan word as die mediadekking voortduur, of indien die mediadekking die verrigtinge ontwig.<sup>134</sup>

Die eerste skedule tot die voorwaardes bevat standaardvoorwaardes ten opsigte van verfilming van verrigtinge. Die belangrikste voorwaardes sluit in:

- Slegs een kamera mag in die hofsaal opgestel word, ongeag hoeveel applikante toestemming tot mediadekking verkry het, op 'n plek wat deur die voorsittende beampte goedgekeur is. Indien 'n persoon aan die kamera-operateur instruksies verskaf, moet dit so onopsigtelik as moontlik en op die mins steurende manier gedoen word.<sup>135</sup>
- Die volgende mag nie verfilm word nie: dele van die verhoor wat *in camera* geskied, die jurie of lede van die jurie, lede van die publiek in die openbare galery op so 'n wyse dat hulle geïdentifiseer sou kon word, en regsverteenvoerders se hofdokumente en bewysstukke, behalwe met toestemming van die hof.<sup>136</sup>
- 'n Beskuldigde mag slegs gedurende getuienislewering verfilm word; wanneer die beskuldigde in die beskuldigde bank sit, mag slegs die eerste 15 minute van elke hofdag verfilm word, met die uitsondering van uitspraaklewering of vonnisoplegging of indien die beskuldigde toestem.<sup>137</sup>
- Verfilming van enige party, getuie, regsverteenvoerder of voorsittende beampte mag nie nabyskote wees wat minder as die persoon se kop en skouers toon en mag ook nie fokus op enige spesifieke kenmerk van die persoon soos die vingers, hande, mond of oë nie.<sup>138</sup>
- Geen verfilming mag plaasvind gedurende die vonnisoplegging of gedurende tydperke wanneer die voorsittende beampte nie in die hof is nie, tensy die hof toestemming verleen.<sup>139</sup>
- Geen verfilming mag plaasvind indien daar nie 'n operateur is nie en moet andersins afgeskakel wees. Alle mediabeamptes betrokke moet hulle met die nodige beleefdheid en deorum gedra.<sup>140</sup>

Skedules 2 en 3 reguleer fotografie en klankopname van verrigtinge onderskeidelik en bevat bykans identiese bepalings as skedule 1.

Daar word aan die hand gedoen dat die Nieu-Seelandse mediariiglyne goed en omvattend gestruktureerd is en 'n proses daarstel wat leiding aan voorsittende beamptes aangaande die uitoefening van hul regterlike diskresie in dié verband verskaf. Dit stel ook 'n betreklik eenvoudige aansoekprosedure daar en bied voldoende beskerming vir die regte van die partye, getuies en slagoffers van misdaad.

#### **4. Evaluering van die argumente ten gunste van en teen mediadekking van hofverrigtinge**

Die vernaamste argumente sowel ten gunste van as teen mediadekking van hofverrigtinge word vervolgens uiteengesit en geëvalueer. Die argumente is grotendeels gebaseer op die rol en belange van die verskillende betrokkenes by die hofverrigtinge, asook die onderliggende grondwetlike regte waarop die rolspelers hul beroep. Die rol en belange van elk van die rolspelers sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

##### **4.1 Die media**

Die media voer aan dat hulle die plig het om die publiek van inligting te voorsien, en in die geval van mediadekking van hofverrigtinge sal hierdie proses die publiek opvoed aangaande die werking van die regsplegingsproses. Mediadekking sal verder verseker dat die beginsel

van ope geregtigheidspleging nagekom word. In die Suid-Afrikaanse konteks word gesteun op die reg op vryheid van uitdrukking, soos vervat in artikel 16 van die Grondwet, waarby inbegrepe is die vryheid van die pers en ander media, asook die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra.<sup>141</sup>

Dockray<sup>142</sup> beskryf die algehele verbod op mediadekking in die Verenigde Koninkryk as absurd, aangesien die voor- en nadele van mediadekking nooit in ag geneem is ten tye van die instel van die verbod in 1925 nie. Hy toon tereg aan dat anders as wat die geval in 1925 was, televisie vandag die grootste en belangrikste nuusbron tot die beskikking van die algemene publiek is, aangesien die mediavorm 'n eerstehandse persoonlike weergawe van gebeure aan die kyker bied, in teenstelling met die tweedehandse weergawe van die gedrukte media.<sup>143</sup>

Hy voer verder aan dat televisiedekking van hofverrigtinge 'n belangrike opvoedkundige en politieke rol vervul. Eerstens voed sulke uitsendings die publiek op en verbreed dit hul kennis rakende die regsplegingsproses en verwante werksaamhede. Tweedens bied dit die geleentheid vir die publiek om die werksaamhede van die hof onder die loep te neem en sosiale kommentaar daaroor te lewer. Hierdie diskoers sal die hof op hoogte hou van openbare mening en daartoe lei dat hulle meer effektief kan funksioneer.<sup>144</sup>

Biondi<sup>145</sup> waarsku tereg teen die sensasionalisme van sekere hoëprofielverhoore waar die fokus eerder val op die drama en emosionele aspekte van die strafverhoor, in plaas van 'n objektiewe verslaggewing van die gebeure. Dit kan daartoe lei dat regsvertegenwoordigers vir die kameras speel en munt probeer slaan uit die wye openbare belangstelling in die verhoor. Geragos,<sup>146</sup> 'n strafregpraktisyn, verwys na die mediadekking van "supersized trials" wat daartoe lei dat 'n beskuldigde se reg op 'n billike verhoor tweede viool moet speel teenoor die publiek se onversadigbare drang vir hofdramas uit die ware lewe. Gekoppel hieraan is die strewe na winsbejag deur mediahuise wat meeding om bo-aan die televisieranglyste te verskyn. Hy beskryf hierdie toedrag van sake as onverantwoordelike joernalistiek.

Volgens Geragos gee die media voor om bloot as die agent van die publiek op te tree. Hy toon egter tereg aan dat nuusdekking lankal nie meer neutraal is nie, aangesien verslaggewers opgehou het om bloot verslag te lewer. Objektiewe verslaggewing is vervang deur 'n subjektiewe vorm van verslaggewing wat as voorspraakjoernalistiek bekend staan waar die lyn tussen feit en opinie verduister word.<sup>147</sup>

Ricchiardi<sup>148</sup> verklaar in hierdie verband dat voorspraakjoernalistiek die geleentheid aan verslaggewers bied om weg te kom met subjektiewe verslaggewing, want dit bied aan hulle die geleentheid om gapings in inligting tot hul beskikking met hul eie emosionele opinie te vervang. 'n Verdere uitvloeisel van subjektiewe verslaggewing is die uitgebreide voorverhoorpublisiteit wat aan hoëprofielsake gegee word.<sup>149</sup> In die *Pistorius*-gewysde was daar ongekende belangstelling selfs in die borgaansoek van die beskuldigde.

Televisie is nie bloot 'n neutrale oog nie, maar is inderdaad 'n baie kieskeurige een. Wat die kyker sien, is nie noodwendig dieselfde wat hy of sy sou waarneem in die hofsaal nie, aangesien die uiteindelijke produksie wat uitgesaai word deur die voorkeure, vooroordele en ideologiese of politieke oortuiging van die regisseur beïnvloed kan word.<sup>150</sup>

Daar is geen twyfel dat die verhoor van Oscar Pistorius totaal sensasioneel deur die media aangebied is nie. Daar is self verklaar dat die hantering van die mediadekking van die verhoor

ontaard het in 'n verhoor deur die media.<sup>151</sup> Die voormalige adjunkregterpresident Moseneke verklaar tereg dat die mediadekking van die Pistorius-saak die landskap van verslaggewing oor hofverrigtinge totaal verander het.<sup>152</sup> 'n 24-uur-werkende toegewyde televisiekanaal het sowel die hofverrigtinge as besprekings daarvan deur deskundiges uitgesaai. Die dekking was so uitgebreid dat 'n mens alle kontak met die samelewing sou moes verbreek het om nie inligting omtrent die verhoor te ontvang nie.<sup>153</sup>

Appèlregter Leach het in die uitspraak van die hoogste hof van appèl gemeld dat die saak ongekende mediabelangstelling geniet het. Hy verklaar dat hy nie die verrigtinge self noukeurig gevolg het nie, maar dat dit openbare kennis is dat Pistorius sy vriendin geskiet het en aan strafbare manslag, en nie aan moord nie, skuldig bevind is.<sup>154</sup>

#### **4.2 Die regbank en regslui**

Daar word algemeen aanvaar dat veral die regbank krities staan teenoor die mediadekking van hofverrigtinge. Hierdie rolspelers grond hul kritiek teen die beeldsending van verhore veral op die beskerming van die waardigheid van hofverrigtinge, asook die bevoegdheid van die howe om hul eie prosesse te reguleer.<sup>155</sup>

Argumente teen beeldsending sluit onder meer in die feit dat televisiekameras voorsittende beamptes sal irriteer of daartoe lei dat hulle oorversigtig optree. Dockray voer egter aan dat dit nie die geval blyk te wees nie, aangesien voorsittende beamptes gewoon daaraan is om voor 'n "gehoor" op te tree. Hy maan egter dat juries wel negatief beïnvloed kan word, aangesien hulle vir intimidasie kan vrees indien hul identiteit bekend gemaak sou word. Die gevaar bestaan ook dat hulle die "gewilde besluit" kan neem om die uitgebreide gehoor tevrede te stel.<sup>156</sup> Hy is verder van mening dat die argument dat die teenwoordigheid van televisiekameras getuies kan beïnvloed, nie steek hou nie, aangesien die meeste getuies in elk geval in 'n ope hof getuig. Hy gee egter toe dat oordrewe mediabelangstelling in sekere beskuldigdes kan veroorsaak dat hulle onregverdig gestigmatiseer word.<sup>157</sup>

Die argument dat die teenwoordigheid van televisiekameras die waardigheid en deorum van die hof sal aantas en nie as 'n televisie-ateljee gebruik behoort te word nie, het ook nie meriete nie. Met die gesofistikeerde digitale televisiekameras wat vandag beskikbaar is, veroorsaak die uitsaaitoerusting nie meer ontwigting of geraas nie. Verder kan daar nie geargumenteer word dat daar 'n verskil tussen die uitsaai van hofverrigtinge en verrigtinge van die parlement is nie.<sup>158</sup> Biondi voer tereg aan dat moderne televisiekameras nie addisionele beligting nodig het nie en geruisloos werk.<sup>159</sup>

Linton<sup>160</sup> kom in 'n vergelykende studie van Kanada, die VSA en Australië tot die gevolgtrekking dat die praktiserende regsberoep meestal ten gunste van televisiedekking van hofverrigtinge is, terwyl lede van die regbank daarteen gekant is. Volgens hom kan die oplossing daarin lê om loodsskemas in te stel voordat die idee van televisiedekking van verhore bloot afgeskiet en van die hand gewys word. Hy dui tereg aan dat veral die beeldsending van strafsake met versigtigheid benader moet word, want die impak op die beskuldigde, slagoffer en getuies kan verreikende gevolge inhou.<sup>161</sup>

### 4.3 Die partye en getuies tot die geding

Die reg op 'n billike verhoor van die beskuldigde, asook getuies en ander partye tot die geding word deur hierdie groep rolspelers as vernaamste beswaar teen die uitsaai van hofverrigtinge geopper.<sup>162</sup> Hier gaan dit oor die negatiewe effek wat dit op partye tot die geding en die getuies, asook die gehalte van hul getuienis kan hê. Die blote teenwoordigheid van televisiekameras en selfs net die wete dat verrigtinge opgeneem en gebeeldsend word, kan getuies verbouereer en onwillig maak om te getuig. Ook in die geval van regstreekse beeldsending van 'n verhoor is daar altyd die potensiaal dat getuies wat nog moet getuig, die getuienis van getuies wat reeds getuig het, waarneem en dan hul eie weergawe in die hof aanpas.<sup>163</sup>

Dit is volgens die Suid-Afrikaanse strafprosesreg 'n algemene reël dat getuies buite die hof moet wag voordat hulle getuig. Die grondslag van die reël is voor die hand liggend, naamlik om te verseker dat getuies nie deur die getuienis van ander getuies beïnvloed sal word nie.<sup>164</sup> Veral in die geval waar 'n beskuldigde byvoorbeeld 'n alibi as verweer aanvoer, is dit noodsaaklik dat die getuienis wat ter staving van die alibi gaan getuig, nie die weergawe van die beskuldigde in besonderhede vooraf aanhoor nie.

Regter Masipa het inderdaad die getuienis van sommige van die staatsgetuies in die *Pistorius*-gewysde met versigtigheid benader, aangesien hulle in die hof toegegee het dat hulle wel die mediadekking van die verhoor gevolg het en selfs die saak met mekaar bespreek het voor hulle gaan getuig het. Van die getuies, soos Darren Fresco, het inderdaad toegegee dat hy voor sy getuienisaflegging geweet het aangaande welke aspekte hy ondervra gaan word.<sup>165</sup>

Linton is van oordeel dat die uitwerking van beeldsending op die partye en getuies deeglik ondersoek behoort te word, aangesien dit 'n negatiewe uitwerking op getuies se bereidwilligheid om te getuig teweeg kan bring. Getuies en partye kan vrees dat hulle aan die algemene publiek uitgelewer en verneder kan word. Daar moet gewaak word teen “poniekoerantjoernalistiek” wat die waardigheid van die hof kan aantast. Die samewerking van alle rolspelers is nodig om 'n balans te handhaaf.<sup>166</sup>

In die geval van 'n strafverhoor is die reg van die beskuldigde, wat ook 'n party tot die geding is, van kardinale belang. In die *MultiChoice*-gewysde het regter-president Mlambo tereg daarop gewys dat wanneer die reg op mediavryheid in die hofsaal bepaal moet word, die reg van 'n beskuldigde op 'n regverdige verhoor inderdaad die olifant in die kamer is wat in ag geneem moet word.<sup>167</sup> Daar word aan die hand gedoen dat die hof in die *MultiChoice*-gewysde inderdaad Pistorius se reg op 'n billike verhoor in ag geneem het en by wyse van die bevel wat toegestaan is, gepoog het om die regte van die media met dié van Pistorius te balanseer ten einde die beginsel van ope geregtigheidspleging te handhaaf.<sup>168</sup>

## 5. Gevolgtrekking en aanbevelings

In die lig van die voorgaande is dit nie verbasend dat die verhoor van Oscar Pistorius as die nuusmaker van die jaar vir 2014 aangewys is nie.<sup>169</sup> Synde die eerste verhoor wat regstreekse

mediadekking op televisie geniet het, het dit duidelik die wyse waarop mediadekking van verhore in die toekoms gaan geskied, onherroeplik verander.

Dit is inderdaad so dat die reg op vryheid van uitdrukking, soos vervat in artikel 16 van die Grondwet, waarby inbegrepe is die vryheid van die pers en ander mediavorme, asook die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra, oënskynlik direk in konflik staan met die beskuldigde se reg op 'n billike verhoor. Daar word egter aangevoer dat hierdie oënskynlike konflik meestal daargestel word deur die publiek se onversadigbare drang na hofdramas uit die ware lewe, gekoppel aan mediahuise se strewe na winsbejag.

Habermas verklaar in hierdie verband dat die mediadekking van strafverhore nie setel in die reg van landsburgers om die werksaamhede van hul howe te beheer nie, maar eerder ter bevrediging van en tot die genot van massakultuur is.<sup>170</sup> Die spesiaal toegewyde kanaal wat die hofverrigtinge in die *Pistorius*-gewysde uitgesaai het, was nie 'n openbare kanaal nie, maar 'n betaalkanaal van die MultiChoice-groep met nagenoeg agt miljoen intekenare.<sup>171</sup> Die breër publiek het gevolglik nie toegang tot die kanaal gehad nie en moes staatmaak op nuusbuletins van openbare uitsaaikanale om die verhoor te volg.

Pearson<sup>172</sup> voer tereg aan dat die negatiewe effekte wat sensasionalisme van verhore en onverantwoordelike joernalistiek tot gevolg het, verhoed kan word deur hofverrigtinge op ander maniere vir die publiek beskikbaar te stel. Hy stel voor dat goedkoop webkamas in alle hofsale geïnstalleer word wat slegs die regter verfilm. Hierdie opnames kan dan regstreeks na 'n hofwebwerf gestroom word, en die publiek kan die verrigtinge deur regstreekse stroming volg. Voorsiening moet ook gemaak word vir 'n regterlike diskresie om direkte stroming in sekere gevalle te verbied.

Statistiek toon dat 52% van die Suid-Afrikaanse bevolking toegang tot die internet het.<sup>173</sup> Regstreekse stroming is egter nie goedkoop nie en dit is te betwyfel of die deursnee-Suid-Afrikaner dit sal kan bekostig om 'n hele strafverhoor via die internet te volg. Volgens die jongste beskikbare statistiek bereik openbare radio- en televisiekanaale ongeveer 78% van die Suid-Afrikaanse bevolking.<sup>174</sup> In 'n Suid-Afrikaanse milieu sal dit dus meer sinvol wees om hofverrigtinge via 'n toegewyde openbare televisiekanaal regstreeks uit te saai, soortgelyk aan die huidige parlementêre kanaal. Daar word voorgestel dat die kanaal daarop sal fokus om hofverrigtinge wat hoë openbare belangstelling geniet, uit te saai. So 'n kanaal sou ook van besondere belang vir regs fakulteite wees, aangesien die beeldsendings vir opvoedkundige doeleindes aangewend sou kon word.<sup>175</sup>

Die gevaar bestaan natuurlik dat indien die openbare uitsaai die reg het om te besluit watter verhore uitgesaai sal word, dit mag gebeur dat sekere verhore wat byvoorbeeld politici betrek, nie uitgesaai word nie al is daar intense openbare belangstelling in die verhoor. Die oplossing vir die probleem kan wees om voorsiening te maak vir 'n aansoekprosedure by die voorsittende beampte deur enige belanghebbende en selfs lede van die publiek. Daar word verder voorgestel dat die aansoekprosedures soos tans in Nieu-Seeland toegepas word, plaaslik geïnkorporeer en aangepas word. Hierdie riglyne is eenvoudig en prakties en aansoeke word bloot deur middel van 'n voorgeskrewe vorm in plaas van 'n duur hofaansoek gebring.<sup>176</sup>

Die feit dat getuies deur die getuienis van ander getuies beïnvloed kan word indien verrigtinge regstreeks uitgesaai word, bly 'n werklikheid. In die VSA word juries soms in



afsondering geplaas sodat hulle nie aan inligting of opinies van buite die hofsaal blootgestel word en gevolglik bevooroordeel kan word nie.<sup>177</sup> Dit sou egter onprakties wees om getuies in afsondering te plaas tot hulle klaar getuienis gelewer het, aangesien dit getuies sal noop om eerder nie te wil getuig nie. 'n Werkbare moontlikheid is die instel van 'n naloop-periode voor die beeldsending, maar dit sal die regstreekse karakter van die beeldsending aantast. Aan die ander kant sal die algemene publiek nog steeds, al is dit nie regstreeks nie, die geleentheid gebied word om die verrigtinge te volg.

In die departement van justisie en grondwetlike ontwikkeling se jaarverslag vir die boekjaar 2014/15 word verklaar dat die beeldsending van die Pistorius-verhoor die positiewe sy van die werksaamhede van aanklaers aan die publiek uitgewys het, asook die intensiewe kruisondervraging van getuies. Daar word verklaar dat die algemene publiek nou groter vertrouwe in die regstelsel in sy geheel behoort te koester. Daar word egter ook gemaak dat sommige getuies kan huiwer om te kom getuig omdat hulle intensiewe kruisondervraging wil vermy.<sup>178</sup>

Wat egter duidelik uitstaan, is die feit dat die mediadekking van die Pistorius-verhoor vir die eerste keer die geleentheid aan gewone landsburgers gebied het om eerstehands waar te neem wat in ons howe aangaan sonder om die verhoor self by te woon. Adjunkhoofregter Moseneke het in sy toespraak by die Nuusmaker van die Jaar-toekenningsgeleentheid vir 2014 die teenwoordigheid van regter Masipa erken, en verklaar dat hy trots is op die manier waarop alle rolspelers wat by die verhoor betrokke was, die nasie en die wêreld in ons howe verwelkom het en toegelaat het om te sien hoe ons howe geregtigheid toepas.<sup>179</sup>

Die beeldsending van die Pistorius-verhoor het verder die beginsel van ope geregtigheidspleging in Suid-Afrika aanvaarbaar gemaak en onderskraag. Adjunkhoofregter Moseneke meld in hierdie verband dat die mees toepaslike aanhaling rakende ope geregtigheidspleging lui dat demokrasieë agter geslote deure sterf.<sup>180</sup>

## Bibliografie

An open courtroom: cameras in New York courts. 1995–1997. Executive summary and recommendations. 1997. New York (State) committee on audio-visual coverage of court proceeding. Beskikbaar by <http://digitalcommons.pace.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1021&context=lawfaculty>.

Biondi, A. 1997. TV camera access into the courtroom: A comparative note. *Yearbook of Media and Entertainment Law*, 2:133–50.

Cameras in the court. 2013. [www.thecanadianencyclopedia.ca/en/article/cameras-in-the-court](http://www.thecanadianencyclopedia.ca/en/article/cameras-in-the-court) (15 Augustus 2016 geraadpleeg).

Canadian Bar Association. 1987. *Report of the Canadian Bar Association's special committee on cameras in the courts*(Final Report). Ottawa: Canadian Bar Association.

Caplan, J., M. Kalisher en A. Speaight, A. 1989. *Televising the courts: Report of a working party of public affairs committee of the general council of the bar [of England and Wales]*. Londen: Bar Council of England and Wales.

Dockray, M. 1988. Courts on television. *Modern Law Review*, 51(5):593–604.

Stepniak, D. 1998. Electronic media coverage of court: a report prepared for the Federal Court of Australia. Sydney: Federal Court of Australia.

Electronic publication of court proceedings report. 2016. [http://www.courts.qld.gov.au/\\_\\_data/assets/pdf\\_file/0011/466463/sc-electronic-publication-of-court-proceedings-report.pdf](http://www.courts.qld.gov.au/__data/assets/pdf_file/0011/466463/sc-electronic-publication-of-court-proceedings-report.pdf) (28 Augustus 2016 geraadpleeg).

Federal rules of criminal procedure. 2016. <https://www.federalrulesofcriminalprocedure.org> (19 Augustus 2016 geraadpleeg).

Habermas, J. 1962. *Strukturwandel der Öffentlichkeit*. Berlyn: Neuwied.

In-court media coverage guidelines. 2016. <https://www.courtsofnz.govt.nz/old/business/media-centre/media-centre/INCOURTMEDIACOVERAGEGUIDELINES2016.pdf> (30 Augustus 2016 geraadpleeg).

Krygier, K.M. 1995. The thirteenth juror: Electronic media's struggle to enter state and federal courtrooms. *CommLaw Conspectus*, 3:71–84.

Linton, J.M.L. 1993. Camera access to courtrooms: Canadian, U.S. and Australian experiences. *Canadian Journal of Communication*, 18(1):1–10.

Media Club South Africa. 2016. <http://www.mediaclubsouthafrica.com/component/content/article?id=110:the-media-in-south-africa> (22 September 2016 geraadpleeg).

Moseneke, D. 2015. Media coverage of the Oscar Pistorius trial and open justice. *Advocate*, Augustus: 29–35.

MultiChoice lifts satellite pay-tv subscriber base to almost 8 million DSTV subscribers. 2015. <http://talkmediaafrica.com/2015/06/30/multichoice-lifts-satellite-pay-tv-subscriber-base-to-almost-8-million-dstv-subscribers> (20 September 2016 geraadpleeg).

Oscar Pistorius: Was it right to televise the trial?. 2015. <http://www.bbc.com/news/world-africa-29189935> (14 Augustus 2016 geraadpleeg).

Oscar Pistorius: When trial in the media becomes trial by media. 2015. <http://www.news24.com/MyNews24/Oscar-Pistorius-When-Trial-in-the-Media-becomes-Trial-by-Media-20150206> (14 Augustus 2016 geraadpleeg).

Oscar trial voted newsmaker of 2014. 2014. <http://www.iol.co.za/news/crime-courts/oscar-trial-voted-newsmaker-of-2014-1822081> (20 September 2016 geraadpleeg).

Proceedings of courts and commissions: Television filming, sound recording and public broadcasting, sketches and photographs. 1984.  
<http://heinonline.org/HOL/LandingPage?handle=hein.alrc/procourt0001&div=1&src=home> (5 September 2016 geraadpleeg).

Public and media access in the criminal process working paper. 1987. [www.lareau-law.ca/LRCWP56.pdf](http://www.lareau-law.ca/LRCWP56.pdf) (5 September 2016 geraadpleeg).

Report of an inquiry into a proposal for the televising of public hearings of the independent commission against corruption. 1990. <http://www.ccc.qld.gov.au/about-the-ccc/the-fitzgerald-inquiry> (5 September 2016 geraadpleeg).

Schwickard, P.J. en S.E. van der Merwe. 2010. *Principles of evidence*. Claremont: Juta.

Sound recording of proceedings of courts and commissions: the media, authors and parties. 1984.  
<http://heinonline.org/HOL/LandingPage?handle=hein.alrc/sndrecord0001&div=1&src=home> (6 September 2016 geraadpleeg).

South African internet users. 2016. [www.internetlivestats.com/internet-users/south-africa](http://www.internetlivestats.com/internet-users/south-africa) (20 September 2016 geraadpleeg).

Supreme Court guidelines for still and television camera and audio coverage of proceedings in the courts of New Jersey. 2003.  
<https://www.judiciary.state.nj.us/pressrel/cameraguidelines.pdf> [Oktober 2003 goedgekeur] (18 Augustus 2016 geraadpleeg).

Televising the courts. 1989. *Report of a working paper of the Public Affairs Committee of the General Council of the Bar*. Londen: General Council of the Bar of England and Wales.

TV cameras to be allowed in English and Welsh crown courts. 2016.  
<https://www.theguardian.com/law/2016/mar/20/tv-cameras-to-be-allowed-in-english-and-welsh-crown-courts-for-first-time> (14 Augustus 2016 geraadpleeg).

What does it mean when a jury is “sequestered”? 2016. <http://www.rotlaw.com/legal-library/what-does-it-mean-when-a-jury-is-sequestered> (2 September 2016 geraadpleeg).

Zuber, T.G. *Report of the Ontario courts inquiry*. 1987. Ontario: Ministry of the Attorney General.

## Eindnotas

<sup>1</sup> *S v Pistorius* 2014-09-12 saaknr. CC113/2013 (GH) 2–3.

<sup>2</sup> 29.

<sup>3</sup> *S v Pistorius* (vonnisuitspraak) 2014-09-12 saaknr. CC113/2013 (GH) 26.

<sup>4</sup> *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* saaknr. 96/2015 (HHA) par. 55.

<sup>5</sup> Vgl. *S v Pistorius* (CC113/2013) [2016] ZAGPPHC 724 (6 Julie 2016).

<sup>6</sup> Par. 1.

<sup>7</sup> Par. 3.

<sup>8</sup> 2014 1 SACR 589 (GP).

<sup>9</sup> Par. 1.

<sup>10</sup> Par. 2.

<sup>11</sup> Par. 3.

<sup>12</sup> Par. 4.

<sup>13</sup> Par. 5.

<sup>14</sup> Art. 16(1)(a) en (b) Grondwet.

<sup>15</sup> 1999 4 SA 469 (KH) par. 7.

<sup>16</sup> Vgl. *Khumalo v Holomisa* 2002 5 SA 401 (KH) par. 22.

<sup>17</sup> 2000 4 SA 973 (KH).

<sup>18</sup> Par. 17.

<sup>19</sup> Par. 19.

<sup>20</sup> Par. 21.

<sup>21</sup> Par. 60.

<sup>22</sup> Par. 62.

<sup>23</sup> Par. 63.

<sup>24</sup> [2005] 4 All SA 353 (K) par. 31.

<sup>25</sup> Par. 9.

<sup>26</sup> Par. 14.

<sup>27</sup> Par. 15.

<sup>28</sup> Par. 19.

<sup>29</sup> 2001 3 SA 409 (GH) par. 29.

<sup>30</sup> Vgl. art. 165(4) Grondwet.

<sup>31</sup> *SA Broadcasting Corporation Ltd v Thatcher* [2005] 4 All SA 353 (K) par. 50.

<sup>32</sup> Par. 1.

<sup>33</sup> [2007] 1 All SA 384 (HHA).

<sup>34</sup> Par. 6.

<sup>35</sup> Par. 8.

<sup>36</sup> Nou die staatspresident.

<sup>37</sup> *SA Broadcasting Corporation Ltd v Thatcher* [2005] 4 All SA 353 (K) par. 9.

<sup>38</sup> Par. 13.

<sup>39</sup> Par. 14.

<sup>40</sup> Par. 15.

<sup>41</sup> Par. 19.

<sup>42</sup> Par. 20.

<sup>43</sup> Parr. 21–2.

<sup>44</sup> Vgl. Grondwet artt. 34 en 35(3).

<sup>45</sup> *South African Broadcasting Corporation Ltd v Downer* [2007] 1 All SA 384 (HHA) par. 25.

<sup>46</sup> Par. 27.

<sup>47</sup> Par. 28.

<sup>48</sup> Par. 30.

<sup>49</sup> 2007 1 SA 534 (KH).

<sup>50</sup> Par. 67.

<sup>51</sup> 2014 1 SACR 589 (GP) par. 11.

<sup>52</sup> Par. 14.

<sup>53</sup> 2000 4 SA 1078 (GH) par. 9.

<sup>54</sup> 2014 1 SACR 589 (GP) par. 14.

<sup>55</sup> Par. 18.

<sup>56</sup> Par. 22.

<sup>57</sup> Par. 23.

<sup>58</sup> Par. 25.

<sup>59</sup> Par. 27.

<sup>60</sup> Par. 28.

<sup>61</sup> Par. 30.

<sup>62</sup> [2005] 4 All SA 353 (K).

<sup>63</sup> Vgl. *In Re St. Andrew's Heddington* [1978] Fam 121, asook *J Barber & Sons v Lloyd's Underwriters* [1987] 1 QB 103.

<sup>64</sup> *Sien Televising the courts: Report of a working paper of the Public Affairs Committee of the General Council of the Bar* (1989).

<sup>65</sup> House of Lords Bill 30, Session 2003–2004.

<sup>66</sup> *Thatcher-saak* par. 58.

<sup>67</sup> *Ibid.*

<sup>68</sup> Par. 59.

<sup>69</sup> Par. 60.

<sup>70</sup> Par. 61; sien ook *Her Majesty's Advocate v Abdelbaset Ali Mohamed Al Megahi and Al Amin Khalifa Fhima* SCCR [2002] 177.

<sup>71</sup> *Sien Abdelbaset Ali Mohamed Al Megahi v Her Majesty's Advocate* SCCR [2002] 503.

<sup>72</sup> *Thatcher-saak* par. 62.

<sup>73</sup> TV cameras to be allowed in English and Welsh crown courts (2016).

<sup>74</sup> *Biondi* (1996:133); sien ook *The State of California v Orenthal James Simpson* saaknr. BA097211.

<sup>75</sup> *State v Hauptmann* 115 NJL 412.

<sup>76</sup> *Thatcher-saak* par. 66.

- <sup>77</sup> 62 *ABA Rep.* 1134–5 (1937).
- <sup>78</sup> 77 *ABA Rep.* 110–1 (1952).
- <sup>79</sup> *Sien Federal rules of criminal procedure* (2016:53).
- <sup>80</sup> *Estes v Texas* 381 US 532 (1965).
- <sup>81</sup> Biondi (1996:135).
- <sup>82</sup> Reël 35 van die *Code of Conduct for United States Judges*, soos gewysig deur reël 3A(7).
- <sup>83</sup> 499 US 560 (1981).
- <sup>84</sup> Biondi (1996:135–6).
- <sup>85</sup> *Ibid.*
- <sup>86</sup> Reël 15 van die algemene reëls van die hooggeregshowe en distrikshowe.
- <sup>87</sup> *Thatcher*-saak par. 72.
- <sup>88</sup> Vgl. art. 52 van die Civil Rights Law van 1952.
- <sup>89</sup> Vgl. *An open courtroom: cameras in New York courts* (1995–1997).
- <sup>90</sup> *Thatcher*-saak par. 73.
- <sup>91</sup> Vgl. Supreme court guidelines for still and television camera and audio coverage of proceedings in the courts of New Jersey [Goedgekeur Oktober 2003].
- <sup>92</sup> *Cameras in the court* (2013:2).
- <sup>93</sup> 3.
- <sup>94</sup> *Electronic Publication of court proceedings report* (2016, par. 112).
- <sup>95</sup> *Sien Public and media access in the criminal process* (1987).
- <sup>96</sup> Vgl. *Report of the Ontario courts inquiry* (1987).
- <sup>97</sup> *Sien Report of the Canadian Bar Association’s special committee on cameras in the courts* (1987).
- <sup>98</sup> (1986), 50 C.R. (3d) 320 (Ont. Prov. Offences Ct.).
- <sup>99</sup> Vgl. art 67(2)(a)(ii) van die Judicare Act RSO 1980.
- <sup>100</sup> Vgl. art. 2(d) van die Canadian charter of rights and freedoms.

<sup>101</sup> (1993) 78 CCC (3d) 97 (Ont. CA).

<sup>102</sup> (1994) 25 CR (4th) 103.

<sup>103</sup> 13 CCR (2d) 1 (SCC) (1993).

<sup>104</sup> 61.

<sup>105</sup> *Ibid.*

<sup>106</sup> *Thatcher*-saak par. 81.

<sup>107</sup> Vgl. 'n skrywe van die registrateur van die hooggeregshof gerig aan die programdirekteur van die televisiekanaal gedateer 31 Augustus 1998, *Re: Renewal of pilot project governing CPAC broadcasts of SCC hearings*.

<sup>108</sup> Electronic publication of court proceedings report (2016, par. 102).

<sup>109</sup> Linton (1993:3).

<sup>110</sup> *Ibid.*

<sup>111</sup> Vgl. Sound recording of proceedings of courts and commissions: the media, authors and parties (1984).

<sup>112</sup> Vgl. Proceeding of courts and commissions: Television filming, sound recording and public broadcasting, sketches and photographs (1984).

<sup>113</sup> Sien Report of an inquiry into a proposal for the televising of public hearings of the independent commission against corruption (1990).

<sup>114</sup> Vgl. Electronic media coverage of court: a report prepared for the Federal Court of Australia (1998).

<sup>115</sup> Sien Electronic publication of court proceedings report (1998, par. 99).

<sup>116</sup> Par. 100.

<sup>117</sup> Par. 98.

<sup>118</sup> Wet 81 van 2011.

<sup>119</sup> Vgl. art. 198(2)(b).

<sup>120</sup> In-court media coverage guidelines (2016).

<sup>121</sup> Par. 1.

<sup>122</sup> Par. 2.1.



<sup>123</sup> *Ibid.*

<sup>124</sup> Parr. 2.3, 4.

<sup>125</sup> Par. 5.

<sup>126</sup> Par. 6.

<sup>127</sup> Parr. 7, 8. Ingevolge par. 3 is 'n hoëprofielsaak een waar daar meer as vyf mediaverteenwoordigers gedurende die grootste gedeel van die verhoor teenwoordig sal wees.

<sup>128</sup> Par. 9.

<sup>129</sup> Par. 10.

<sup>130</sup> Par. 11.

<sup>131</sup> *Ibid.*

<sup>132</sup> Par. 12.

<sup>133</sup> Par. 13.

<sup>134</sup> Par. 14.

<sup>135</sup> Skedule 1 parr. 1–3.

<sup>136</sup> Parr. 4–8.

<sup>137</sup> Par. 9.

<sup>138</sup> Par. 10.

<sup>139</sup> Par. 12.

<sup>140</sup> Par. 13.

<sup>141</sup> Sien par. 2 hier bo.

<sup>142</sup> (1998:593).

<sup>143</sup> Dockray (1998:598)

<sup>144</sup> *Ibid.*

<sup>145</sup> (1998:146)

<sup>146</sup> (2006:1168).

<sup>147</sup> (2006:1181).

<sup>148</sup> (1996:27).

<sup>149</sup> (2006:1186).

<sup>150</sup> (1995:102).

<sup>151</sup> Oscar Pistorius: When trial in the media becomes trial by media (2015).

<sup>152</sup> Moseneke (2015:29).

<sup>153</sup> 32.

<sup>154</sup> *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* saaknr. 96/2015 (HHA) par. 3.

<sup>155</sup> Vgl. Grondwet art. 174 en par. 2 hier bo.

<sup>156</sup> (1998:599).

<sup>157</sup> (1998:601).

<sup>158</sup> (1998:602).

<sup>159</sup> (1996:139).

<sup>160</sup> Linton (1993:1).

<sup>161</sup> (1993:5).

<sup>162</sup> Sien par. 2 hier bo.

<sup>163</sup> Electronic publication of court proceedings report (2016, par. 114).

<sup>164</sup> Schwickard en Van der Merwe (2010:401). Deskundige getuies is 'n uitsondering op die reël.

<sup>165</sup> *S v Pistorius* 2014-09-12 saaknr. CC113/2013 (GH) 8.

<sup>166</sup> (1993:6).

<sup>167</sup> 2014 1 SACR 589 (GP) par. 11.

<sup>168</sup> Vgl. par. 2 hier bo.

<sup>169</sup> Oscar trial voted newsmaker of 2014 (2014).

<sup>170</sup> (1962:190).

<sup>171</sup> Multichoice lifts satellite pay-tv subscriber base to almost 8 million DSTV subscribers (2015).

<sup>172</sup> Electronic publication of court proceedings report (2016, par. 62).

<sup>173</sup> South African internet users (2016).

<sup>174</sup> Media Club South Africa (2016).

<sup>175</sup> Oscar Pistorius: Was it right to televise the trial? (2014).

<sup>176</sup> Vgl. par. 3.5 hier bo.

<sup>177</sup> What does it mean when a jury is “sequestered”? (2016).

<sup>178</sup> 40.

<sup>179</sup> (2015:29).

<sup>180</sup> (2015:32).